# WAARHEIDS- EN VERSOENNINGSKOMMISSIE

## ARTIKEL 29 SITTING

## "IN CAMERA"

**DATUM:** **29-07-1997**

**NAAM:** **GERHARDUS D. PEENS**

**GEHOU TE:** **JOHANNESBURG**

**DAG 1**

---

VOORSITTER: My naam is Wynand Malan, kommissaris. Ek sal voorsit. Mnr Botha is hier by u mnr Peens. U het die kennisgewing gekry. Ek neem aan ek hoef nie vir u verder enige van u regte te verduidelik nie, en hy sal u belange beskerm.

MNR BOTHA: Ek kan miskien net 'n opmerking of twee maak voor ons begin. Ons het 'n verklaring opgestel ten opsigte van die eerste kennisgewing wat ons gekry het.

Hy was gedateer gewees 1 Mei 1979, hy handel redelik volledig met die kennis wat ons ten opsigte van daardie voorvalle gehad het. Ten opsigte van die tweede kennisgewing wat ons gekry het, het ons gehandel met die dood van Daniël Maboti.

Ons het gepoog om die polisie dossiere en goed te kry sodat ons deeglik kan voorberei, maar baie van dit meld net 'n naam en baie van dit is - ons is nie presies seker oor watter voorval ons praat nie, so as dit nodig is, dan sal ek u net versoek om vir ons net 'n bietjie geheue te verfris, ten opsigte van watter voorval dit is, en



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

ek het dan my kliënt geadviseer dat as hy dan wil advies hê daarop, dat hy dan net my aandag daarop vestig.

Maar ons het die verklaring opgestel sover as moontlik, ek weet nie of ons miskien daarmee kan begin nie, veral op die eerste twee goeters.

VOORSITTER: Het u vir ons kopieë daarvan, u het net die verklaring ...

MNR BOTHA: Ek het, ek het die oorspronklike en dan het ek - die ander is nou nie geteken nie, maar ek het twee afskrifte daarvan. So ek het drie.

VOORSITTER: Ons kan nog afskrifte maak, dan kan ons vinnig daardeur gaan. Dankie. Ons wag dan maar net so 'n oomblik.

Mnr Peens, mnr Botha, ons het die verklaring nou by u gekry wat - dit is nou die tweede kennisgewing. Ons gaan net vinnig deur hom blaai. Ek dink nie dit is nodig dat u hom in die rekord inlees nie, want ons het hom nou op rekord en dan kan ons daarna voortgaan.

MNR BOTHA: Soos u behaag.

VOORSITTER: Ons kan net so 'n oomblikkie wag. Ek gaan vir adv Steenkamp, wat die hoof is van ons ondersoekeenheid hierso, basies in beheer van hierdie gesprek plaas. Ek sal as voorsitter net optree, maar van tyd tot tyd sal van die ander lede hier ook vrae hê, so ek vra vir mnr Steenkamp om dan die verrigtinge verder hier te lei.

ADV STEENKAMP: Dankie mnr die Voorsitter. Ons wil net ook op rekord plaas mnr Botha, dat ons wel die prokureur-generaal volgens die wetlike vereiste in kennis gestel het dat indien daar inkriminerende vrae aan die kliënte gestel gaan word, hy nie 'n keuse het nie, maar hy sal dit moet beantwoord.

Is u tevrede daarmee?



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR BOTHA: Dit is doodreg.

ADV STEENKAMP: Kan ons net die kliënt dan vra om die eed af te lê asseblief.

GERHARDUS DIRK PEENS: (verklaar onder eed)

ADV STEENKAMP: Mnr Peens, miskien as ons net kan begin, kan u net vir ons, net kortliks, so baie kortliks vir ons sê wat u agtergrond is en wat u tans doen, wat is u huidige werk?

MNR PEENS: Ek is 'n oud Moord en Roof speurder, ek is huidig 'n plaasboer, ek boer. En dit is dit.

ADV STEENKAMP: Kan u net vir my sê werk u vir u self nou, of is u nog betrokke by enige sekuriteitsaktiwiteite?

MNR PEENS: Ek werk vir myself. Nee.

ADV STEENKAMP: Niks, nie. As ons miskien kan kyk na die dagvaarding. Ek hoop u het 'n afskrif van die dagvaarding voor u.

Het u dit daar?

MNR PEENS: Ek het hom.

ADV STEENKAMP: Ek sal vra vir Wessel, mnr van Rensburg, as u miskien kan begin met die eerste voorval op die dagvaarding.

MNR VAN RENSBURG: Baie dankie Andre. Voor ons verder gaan met daardie eerste voorval, ek dink mnr Peens, u sal met my saamstem dat meeste van die gebeure in die Vaal Driehoek, pas redelik inmekaar in en die geweld wat daar plaasgevind het. Die een gebeur het gevolg op die ander.

Dalk as u dalk vir ons net kortliks kan skets, u idee, u was nouliks betrokke by van die eenhede wat geweld geondersoek het in daardie area en daar was baie geweld gewees tydens daardie stadium.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

As u dalk net vir ons kan skets na u mening, wat het die geweld in die Vaal Driehoek veroorsaak en net vir die kommissie, u opinie daaroor te gee?

MNR PEENS: Ek kan kortliks teruggaan na my verklaring toe. Die geweld in die Vaal Driehoek was grootliks veroorsaak deur 'n groepie persone, Victor Keswa en sy aanhangers.

Dit was 'n bende kriminele, 'n bende misdadigers wat daarop uit was om die gebiede onregeerbaar te maak, onbeheerbaar te maak. Almal was vir hulle bang. En as ek sê almal, dan sê ek die gemeenskap, lede van die SAP, almal was bang vir hulle. En hulle optredes het direk gelei - as ons kyk na die dagvaarding "night vigil massacre" waar daardie mense doodgeskiet is by die begrafnis.

Waar daardie man se kis raakgeskiet is, Keswa het op daardie stadium in die B.B.H. hospitaal gelê met 'n maagwond, maar die beplanning het hy gedoen met Maboti, met Clement Cindi, dit is een klein groepie wat 'n hele gemeenskap opgeduiwel het - en hulle het dit baie goed reggekry.

MNR VAN RENSBURG: Nou u verwys nou na die 12 Januarie voorval, dit is nou die sogenaamde "night vigil massacre". Was dit die eerste keer wat u en die ondersoekspan waarvan u deel was, te doen gekry het met hierdie bende?

MNR PEENS: Nee, nee, ek het voor die tyd baie gehoor van hulle, maar toe was dit nie Moord en Roof aangeleenthede nie. U weet dit was verkragtings en motordiefstalle, maar ek het geweet van hulle.

MNR VAN RENSBURG: Goed, u skryf die geweld grootliks aan hierdie groepie mense toe. Die geweld in die Vaal Driehoek word alom, of dit word gesien as dat dit begin het op 22 Julie 1990 met die eerste mense wat dood is daar by die Sebokeng hostelle.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR PEENS: Ja.

MNR VAN RENSBURG: In u eenheid wat hierdie tipe misdade geondersoek het, hoe het hierdie heel eerste voorval ingepas by hierdie bende, as u die onrus daarso aan hulle sou toeskryf?

MNR PEENS: Ek sal nie sê dat hierdie voorval, kyk op daardie stadium het 'n klomp Zulu's in die "hostels" gebly tussen die Xhosas en hierdie mense wou gee pad het. Daardie voorval sal ek nie sê kan verbind word met Keswa hulle nie, daar is nie 'n manier nie.

Jy weet wat hierdie ouens gedoen het, hulle wou uitgekom het uit die "hostels" uit en wat alom bekend is, hulle wou KwaMadela toe, hulle wou veilig wees. En dit is waar hierdie insident plaasgevind het en die ouens het nou maar, jy weet, baklei, maar jy kan dit nie verbind met Keswa se aktiwiteite nie.

Die insident het plaasgevind die dag, daar was 'n skietery soos ek in my verklaring uiteensit, en dit was die einde gewees, en daarna het Keswa hulle begin met hulle operasies.

MNR VAN RENSBURG: Goed, hierdie skietery waarna u nou verwys, is seker die een wat 'n bietjie later daarna, dit was 4 September 1990, insident, wat ook nog 'n massa moordsaak plaasgevind is?

MNR PEENS: Nee, dit is die dag wat die Weermag daar gekom het.

MNR VAN RENSBURG: Ja, dit is 4 September. 22 Julie was die eerste massamoord, waar 27 mense oorlede is, dit staan nie in die dagvaarding nie.

4 September was die tweede voorval waar u in die eerste dagvaarding van in kennis gestel is, waarna ek dink u nou na verwys.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Intussen was daar nog 'n paar ander voorvalle. Wanneer was die eerste keer wat julle eenheid bewus geword het dat Keswa hulle betrokke kan wees? Soos u sê hulle was nie in hierdie eerste insident betrokke nie?

MNR PEENS: Ek gaan nou nie verwys na my eenheid toe nie, ek gaan verwys na myself. Na die eerste insident, het ek al geweet Keswa is betrokke.

MNR VAN RENSBURG: Die eerste insident, watter insident is dit nou?

MNR PEENS: Laat ek net vinnig vir u kyk. Dit was met die begrafnis gewees.

MNR VAN RENSBURG: Die sogenaamde ...

MNR PEENS: Toe spoor ons Keswa op in die B.B.H. Toe het ek al geweet hy is betrokke en toe het my beriggewers al begin kontak hou en begin inligting vir my gee.

MNR VAN RENSBURG: Goed, ek het ongelukkig nie duidelikheid nie - watter insident is hierdie insident waarna u nou verwys nie?

MNR PEENS: Dit is, as ek daardie dossiere net kan kry. Dit is 'n man wat hulle doodgemaak het en toe het die familie die aand - Keswa hulle het hom doodgemaak - toe die familie die aan bymekaar gekom en 'n nagwaak gehou wat hulle noem, toe is daar 'n klomp mense doodgeskiet.

MNR VAN RENSBURG: Met ander woorde die sogenaamde "night vigil".

MNR PEENS: Dit is waar Alphius Sobeka en sy seksie betrokke was. Toe het ek al gewees Keswa is betrokke.

MNR VAN RENSBURG: Goed, ons aanvaar dit so, maar wat ek u nou uitvra, daar was in 1990 al 'n paar massa moorde wat plaasgevind het in die Vaal Driehoek.

MNR PEENS: Baie.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR VAN RENSBURG: Ja, en u het nou net Keswa hulle die geweld in die Vaal Driehoek in die algemeen, aan hulle toegedig. Daardie eerste massa moorde, het die polisie enige leidrade gehad wie vir hulle verantwoordelik was?

MNR PEENS: Ja.

MNR VAN RENSBURG: Was dit ook Keswa hulle?

MNR PEENS: Ja.

MNR VAN RENSBURG: So u meen daardie vorige massa moorde was ook Keswa hulle betrokke?

MNR PEENS: Ja.

MNR VAN RENSBURG: Op grond waarvan het u hierdie mening gehad?

MNR PEENS: Deur 'n beriggewersnetwerk wat Keswa vir my gesê het net voor hy dood is, okay, dit het bevestig wat ek reeds geweet het.

MNR VAN RENSBURG: Hierdie beriggewersnetwerk en wat Keswa vir u gesê het, wat was die aard van hulle betrokkenheid by hierdie eerste voorvalle?

MNR PEENS: Wat bedoel u daarmee?

MNR VAN RENSBURG: Watse inligting het u ontvang dat hulle betrokke is by hierdie eerste massa moorde?

MNR PEENS: Dat hierdie ouens is kwaad vir die gemeenskap, hierdie ouens is kwaad vir mense wat voorkom en hulle het geskiet "left, right and centre". Hulle het nie omgegee wie hulle doodmaak nie.

MNR VAN RENSBURG: Goed. Dan sê u by die 12 Januarie, na die 12 Januarie insident, wat die sogenaamde "night vigil" saak is waarna u reeds verwys het, is lede van die bende toe wel gearresteer?

MNR PEENS: Ja.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR VAN RENSBURG: Op grond van watse inligting is hulle daar gearresteer?

MNR PEENS: Dit het maar gekom van beriggewers af, van ooggetuies af. As ek reg onthou, as ek vinnig dink, Andre Ndlo was gearresteer, Clement Cindi was daar gearresteer, Alphius Kobega, dit is maar uit ooggetuies uit en beriggewers, hulle het gesê drie ouens was daar betrokke.

MNR VAN RENSBURG: En daar was wapens ook gevind?

MNR PEENS: Daar is "gunne" uitgehaal ja. Ek het persoonlik twee AK's gaan uithaal.

MNR VAN RENSBURG: Goed, wat het toe gebeur in verband met daardie saak?

MNR PEENS: Ons was op verhoor gewees, hulle is vrygespreek na bewerings, die ou bewerings, ek meen wat elke dag in die pers is, hulle was aangerand en gedwing om bekentenisse te maak, ensovoorts, ensovoorts, toe is hulle vrygespreek.

MNR VAN RENSBURG: Wie het hulle beweer, wie het hulle aangerand?

MNR PEENS: Ek.

MNR VAN RENSBURG: En wat was die regter se bevindings daaromtrent?

MNR PEENS: Ek het nie geluister na die uitspraak nie, ek het in Pretoria getuig in die hooggeregshof en toe het mnr As Burger my aangevat en gesê die regter het bevind ek het hulle aangerand, maar ek het my nie eers gesteur daaraan nie, want ek was nooit aangekla vir die aanrandings nie.

ADV STEENKAMP: Het u ooit enige persoon aangerand in hierdie sake?

MNR PEENS: Nee, ek het nie.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

ADV STEENKAMP: Was daar enige rede vir hierdie persone gewees dan om te beweer en vir 'n hooggeregshof om te aanvaar dat die inderwaarheid die posisie was?

MNR PEENS: Ek sal die vraag antwoord in twee - daar was 'n rede vir daardie persoon om dit te beweer, en noem dit tronkadvokate.

Dit is die eerste wat hulle doen, is om te sê hoor hier, die polisie het my aangerand. Vir die regter om te aanvaar, ek kan nie kommentaar lewer daarop nie, ek kan nie 'n hof se beslissing aanvat nie, 'n hof se bevoegdheid in twyfel trek nie.

MNR VAN RENSBURG: Was dit die enigste keer dat daar ooit so 'n aantyging teen u gemaak is?

MNR PEENS: Nee.

MNR VAN RENSBURG: Watter ander geleenthede dra u kennis van?

MNR PEENS: Daar was baie.

MNR VAN RENSBURG: Hoeveel, as u nou min of meer moet sê, hoeveel keer is daar sulke aantygings teen u gemaak?

MNR PEENS: Ek kan nie, daar was baie aantygings gemaak.

MNR VAN RENSBURG: En hoeveel keer is daar klagtes teen u gelê ...

MNR PEENS: Baie.

MNR VAN RENSBURG: Kan u min of meer, het u min of meer 'n idee hoeveel keer? Was u ooit skuldig bevind op enige een van hierdie klagtes?

MNR PEENS: Nee.

MNR VAN RENSBURG: Nooit?



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR PEENS: Nee. Ek was skuldig bevind in Sasolburg, dit is baie jare terug, oor 'n blank wat ek sou aangerand het. Ek het geappelleer teen die vonnis en ek het later van tyd die appèl teruggetrek, maar dit is jare terug.

MNR VAN RENSBURG: Goed. Daar was deur vorige mense wat voor die Waarheidskommissie verskyn het, en u mag dalk in die pers dalk nou onlangs ook van een van die voorvalle gelees het, verskeie kere beweer dat marteling deur eenhede soos Moord en Roof en die Veiligheidstak, verskillende maniere, die sogenaamde "aeroplane" metode, "tubing", ensovoorts redelike algemene praktyk was om informasie uit mense uit te kry.

Ek dink dit is nou Senior Superintendent Jacobs wat nou hoof is van Moord en Roof het dieselfde aan ons meegedeel, wat nou hoof is van Moord en Roof in die Vaal Distrik. Sou u saamstem met hierdie bewerings van hierdie polisieman of sou u sê dit is nie waar nie?

MNR PEENS: Nee, dit is - eenhede kon dit gebruik het, ek sal dit nie betwis nie.

ADV STEENKAMP: Mnr Peens, daar is oor die 60 sake teen u geopen op 'n stadium, oor die 60. Ek weet nie hoeveel GO's is u gedagvaar waar soortgelyke bewerings gemaak is nie, ek dink as ek reg is oor die 40, 45. Wil u vir ons sê u was nooit betrokke in enige sulke voorvalle van aanranding nie of marteling metodes nie, en u het nooit kennis gedra daarvan nie?

MNR PEENS: Meneer, ek kan daardie vraag vir u antwoord. Ek wil vir u 'n voorbeeld noem. Die ouers word vermoor, ek as polisieman kom op die toneel, wat verwag u van my? Sukses.

ADV STEENKAMP: Sê u ...



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR PEENS: Ek maak nie 'n erkenning nie, u verwag van my sukses. Ek arresteer die mense en deur subtiele ondervraging, ondersoek, bewys ek my saak teen hulle.

Hulle draai om in die hof, hulle sê hoor hier, hierdie ou het my aangerand, wat ek nooit gedoen het nie. Ek meen, waaroor gaan dit?

ADV STEENKAMP: Het u nooit 'n persoon aangerand nie?

MNR PEENS: Ek ontken dat ek enigeen ooit aangerand het.

ADV STEENKAMP: Goed, dankie.

MNR VAN RENSBURG: Het emosies ooit by u as 'n persoon 'n rol gespeel in die ondersoek van enige misdaad?

MNR PEENS: Nee, ek was 'n professionele ondersoekbeampte.

MNR VAN RENSBURG: So, emosioneel het u nooit by dit betrokke geraak wat u waargeneem het op 'n toneel nie, ongeag die omstandighede?

MNR PEENS: Nee, jy raak nie betrokke nie.

ADV STEENKAMP: Hoe lank diens het u gehad in die polisie?

MNR PEENS: 20 jaar.

ADV STEENKAMP: En hoe lank was u verbonde aan Moord en Roof?

MNR PEENS: 10 jaar.

ADV STEENKAMP: En dit is nou waar u nou in werklikheid, in daardie 10 jaar, werklik betrokke geraak het by die werklikheid van misdaad op die grond, by die besoek van tonele waar mense vermoor en in stukke lê?

MNR PEENS: Ja, voor dit ook. Ek is 19 jaar 'n speurder, ek was 'n jaar in die uniform tak, toe is ek oor speurtak toe waar ek betrokke was by die ...



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

ADV STEENKAMP: Die diensperiode wat u in die speurtak gedien het, het nie noukeurig betrekking gehad op hierdie tipe misdaad waarmee u later by Moord en Roof betrokke geraak het nie?

MNR PEENS: Nee, nie heeltemal nie.

ADV STEENKAMP: Want die aanvanklike funksie van wanneer so 'n toneel ontdek word, is dit net die preliminêre ondersoek wat deur die plaaslike tak gedoen word en dan word hy verwys en Moord en Roof word ingeroep en hulle neem die toneel oor en hulle gaan verder?

MNR PEENS: Dit is korrek.

ADV STEENKAMP: Dit is die prosedure wat gevolg word?

MNR PEENS: Dit is so, ja.

ADV STEENKAMP: So die laaste 10 jaar van u diens het u eers betrokke geraak by die werklike harde Vaal Driehoek misdade wat daar gepleeg was?

MNR PEENS: In die Vaal Driehoek, ja. Dit is korrek.

ADV STEENKAMP: En u het nooit emosioneel 'n ondervinding gehad, of betrokke geraak by dit wat u waarneming wat op die toneel nie?

MNR PEENS: Nee, jy kan nie. Dit is onprofessioneel.

ADV STEENKAMP: Hoe is u uit die mag uit meneer?

MNR PEENS: Medies.

ADV STEENKAMP: Op grond van wat?

MNR PEENS: Ek het probleme met my voete, ek loop moeilik.

ADV STEENKAMP: Is dit die enigste probleem wat u gehad het, was daar nie 'n mate van stres ook verbonde aan u aftrede nie?

MNR PEENS: Nee.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

ADV STEENKAMP: Hoekom sug u meneer?

MNR PEENS: Nee, ek is op grond van mediese redes uit.

ADV STEENKAMP: Nee, ek weet wat u nou vir my gesê het, u praat van voete. Ek wil dit aan u stel dat dit is meer as voete. Voete alleen was nie die rede vir u mediese aftrede nie.

MNR PEENS: Meneer, dan wil ek u uitdaag om my spesialis aan te vat en te sê hoor hier, hierdie ou se voete makeer niks.

ADV STEENKAMP: Ons sal later daarby kom, ons laat dit vir hierdie oomblik daar, hoor.

MNR VAN RENSBURG: Goed, ek sal graag nou terugkom by die Keswa bende waar u die geweld in die Vaal Driehoek grootliks aan toegeskryf het. Nou, na hierdie voorval waar hulle gearresteer is vir hierdie spesifieke "night vigil" massa moord, hulle vrygespreek is, of onskuldig bevind is aan die saak, as gevolg van aantygings teen u, het die geweld onverpoos voortgegaan?

MNR PEENS: Dit het vererger toe.

MNR VAN RENSBURG: Ja, toe het dit vererger?

MNR PEENS: Toe het dit vererger, ja.

MNR VAN RENSBURG: Goed, wanneer was die volgende keer dat van hierdie lede van hierdie bende gearresteer is?

MNR PEENS: Dit was gewees net voor Keswa se dood, toe ek betrokke geraak het met die ondersoek.

MNR VAN RENSBURG: Maar dit was meer as 'n jaar en 'n half na ...

MNR PEENS: Ek dink dit was langer as dit.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR VAN RENSBURG: Ja, dit is omtrent twee en 'n half jaar na die sogenaamde "night vigil massacre".

MNR PEENS: Ja.

MNR VAN RENSBURG: Gedurende die hele tydperk sou u nog steeds die geweld toeskryf as die toedoen van hierdie bende?

MNR PEENS: Ja. Ek het dit geweet, ek het na senior offisiere toe gegaan en vir hulle gesê dit is die geval, dit is Keswa hulle.

MNR VAN RENSBURG: En wat was die senior offisiere se reaksie hierop?

MNR PEENS: Dit was weggelag.

MNR VAN RENSBURG: Het u op enige stadium vir hulle bewyse gelewer van Keswa se betrokkenheid of was daar enige tekens van bewyse of ...

MNR PEENS: Daar was mense wat die pers genader het en gesê het, hoor hier, dit was Keswa.

MNR VAN RENSBURG: Maar ek bedoel polisie ondersoek, ek neem aan daar was 'n polisie ondersoek na die ...

MNR PEENS: Dit was baie swak gedoen.

MNR VAN RENSBURG: Hoekom sou u so sê?

MNR PEENS: Dit was onbevoegde ondersoekbeamptes, hulle het nie geweet wat hulle doen nie. "Dockets" het op hulle tafel gelê in sulke hope, moord dossiere wat hy nie geweet het wat aangaan in daardie "docket" nie.

MNR VAN RENSBURG: Hoe lank was u, wanneer was u aangestel op die eenheid wat spesiaal saamgestel is om hierdie geweld te ondersoek, die Onrus en Geweldseenheid?



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR PEENS: Ek is nie seker van die datum nie, ek het dit telefonies gereël. Ek het Brigadier van Niekerk gebel uit Brixton se kantore uit, ek was op daardie stadium betrokke in die Eikenhof ondersoek.

Toe het ek Brigadier van Niekerk gebel en vir hom gesê luister, dit kan nie so aangaan nie. Ek is elke verdomde nag uit my bed uitgehaal, dan kry jy 20, 30 lyke wat in die straat lê, kinders (onduidelik), ek wil betrokke raak in die ondersoek. Toe het ek betrokke geraak. Ek kan nie vir jou 'n datum gee nie.

MNR VAN RENSBURG: Was dit al in 1991?

MNR PEENS: Ek weet nie. Dit kan wees.

MNR VAN RENSBURG: Maar u was vir 'n geruime tyd deel van die ondersoekspan?

MNR PEENS: Op Keswa?

MNR VAN RENSBURG: Wel, nie noodwendig op Keswa nie, maar deel van die sogenaamde Onrus en Geweldseenheid?

MNR PEENS: Ja, 'n maand en 'n half.

MNR VAN RENSBURG: Net 'n maand en 'n half?

MNR PEENS: 'n Maand en 'n half, twee maande.

MNR VAN RENSBURG: En op Keswa?

MNR PEENS: Toe hy dood is, toe is ek geskors ...

MNR VAN RENSBURG: En op Keswa, hoe lank was u deel van die ondersoekspan wat hom moes ondersoek?

MNR PEENS: 'n Maand en 'n half, twee maande.

MNR VAN RENSBURG: Maand en 'n half ...

MNR PEENS: Ek het daar begin en ek het gewerk net op Keswa.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR VAN RENSBURG: Goed. Nou kom ons by die tydperk toe Keswa die tweede keer gearresteer is waarvan u nou praat.

Kan u vir ons die aanloop tot die arrestasie van Keswa skets, hoekom was hy spesifiek toe twee en 'n half jaar later gearresteer?

MNR PEENS: Ons het - daar was beëdigde verklarings, ek het vir almal gesê "boys", ek soek die man. Ek wil met hom praat, ek wil hom ondervra.

Ek was in Heidelberg in die hooggeregshof, ek het die betrokke dag verskyn vir regter (onduidelik) se getuig, in die verhoor, die Eikenhof verhoor. Hulle het my gekontak drie-uur die middag en gesê hoor hier, Keswa is in sy prokureur se kantoor.

Ek het vir hulle instruksies gegee, hoor hier, arresteer die man, ek soek hom, ek wil hom sien. Hulle het hom gearresteer, ek is kantoor toe, ek het by die kantoor gekom laat middag, Keswa gesien. Ek en hy het begin gesels en ons het gery en hy het begin siek word.

MNR VAN RENSBURG: Goed, voor jy verder gaan nou met daardie storie. Hoe lank voor hierdie datum wat u besluit het, u soek vir Keswa, hoe lank voor dit was u op hierdie span aangestel?

MNR PEENS: Seker twee maande, 'n maand en 'n half, twee maande. Ek is nie honderd persent seker nie.

MNR VAN RENSBURG: Nou wat spesifiek het u die dag laat besluit u wil vir Keswa, dit was algemeen bekend aan die polisie waar Keswa gebly het, dit was nie asof - hy was nie 'n voortvlugtende nie.

MNR PEENS: Nee, nee. Dit was algemeen bekend waar hy gebly het. Ek het 'n optrede gereël wat ons die plek gedoen, en toe kry ek sy ma daar, Emma Keswa.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Toe kom 'n vroue polisiebeampte na my toe en sê hoor hier, hier is 'n vrou wat sê sy is Anna iets, toe draai ek om, toe sê ek maar jy is Emma Keswa.

Jy het geappelleer teen 'n vonnis, jy moet tronk toe gaan. Keswa het gehardloop.

MNR VAN RENSBURG: Wanneer het u bewus daarvan geraak, van wanneer af was Keswa beskou as 'n voortvlugtende?

MNR PEENS: Van, ek meen die twee maande wat ek betrokke was in die ondersoek.

MNR VAN RENSBURG: 'n Voortvlugtende in verband met watter misdaad?

MNR PEENS: Met die "drive by night shootings". Keswa hulle het baie mense doodgemaak.

MNR VAN RENSBURG: Reeds vir twee maande?

MNR PEENS: Ja.

MNR VAN RENSBURG: Maar ek wil dit aan u stel dat die kennis van dat Keswa se appèl misluk het, is eers daardie week bekend geword, dat sy petisie aan die hoof-regter misluk het, so hy kon nie op daardie stadium 'n voortvlugtende al vir 'n maand gewees het nie.

MNR PEENS: Wel hy het nie gehardloop oor sy appèl wat misluk het nie, hy het gehardloop oor baie mense wat hy doodgeskiet het.

Aanvalle wat hy geïnisieer het. Dit is waaroor hy gehardloop het.

MNR VAN RENSBURG: U is bewus van die vergadering wat met kaptein Havenga gehou is so die 6de Julie, ons praat nou die dag wat Keswa gearresteer het, dit was die 9de Julie, 'n Saterdag, die 6de Julie was daar 'n vergadering met kaptein



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Havenga gehou, die sogenaamde "peace forum" of "peace committee" daarso in die Vaal Driehoek.

MNR PEENS: Ja.

MNR VAN RENSBURG: Waar op die ou einde 'n uitstappery gevolg het?

MNR PEENS: Dit is korrek.

MNR VAN RENSBURG: As gevolg van mense wat gesê het die mense tree nie op teen Keswa nie?

MNR PEENS: Dit is so, ja.

MNR VAN RENSBURG: En drie dae daarna word hy gearresteer, is dit nie die rede hoekom Keswa gearresteer is nie?

MNR PEENS: Nee. Keswa was net nie beskikbaar nie, hy was weg en toe die wêreld vir hom begin warm word, toe hardloop hy na sy prokureur toe, ek dink Anneke of wat ook al, van der Westhuizen, so 'n dik vroumens.

En daar is hy gearresteer. Ons het inligting gekry hy gaan soontoe, en ek het instruksies gegee en gesê arresteer die man, bring hom in.

MNR VAN RENSBURG: Goed, hoe laat het u hom vir die eerste keer gesien?

MNR PEENS: Dit was die middag tussen vyf en ses. Ek kan nie onthou nie.

MNR VAN RENSBURG: En wat het toe daar plaasgevind toe u hom sien vir die eerste keer?

MNR PEENS: Ek en hy het gesels en hy was openlik, hy het vir my gesê hoor hier, ek sal saamwerk. Ons sal gaan "gunne" uithaal het.

MNR VAN RENSBURG: Okay, in terme van watter regulasie was hy toe aangehou?

MNR PEENS: As 'n verdagte.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR VAN RENSBURG: In verband met watter saak?

MNR PEENS: Baie moord klagtes. Daar was beëdigde verklarings in dossiere gewees wat sê Victor Keswa het my ma doodgeskiet, Victor Keswa het so en so doodgeskiet, ek het hom gesien.

Hy was 'n verdagte, ek het meer as genoeg rede gehad om hom aan te hou.

ADV STEENKAMP: Maar u was nie ondersoekbeampte op enigeen van daardie sake gewees nie?

MNR PEENS: Nee, ek het nie die "dockets" gedra nie.

ADV STEENKAMP: Maar op grond van ...

MNR PEENS: Ek het opsporings gedoen, ondervragings gedoen, bewysstukke uitgehaal, dit was ...

ADV STEENKAMP: Maar was daar rede vir u, want daar was nie 'n lasbrief vir hom nie, u was nie die ondersoekbeampte in die dossier nie? U was nie enigsins in opdrag gewees om die man te arresteer nie, nou besluit uself uit die bloute uit, dit is tyd om die man in te bring en om hom te ondervra?

MNR PEENS: Meneer, ek sit, ek is in beheer van 'n groep. Ek sit met 'n navraag wat sê Victor Keswa is verbind op so en so en so 'n moord.

Is dit onregmatig om hom te arresteer?

ADV STEENKAMP: Dit is nie wat ek vra nie?

MNR PEENS: Nee, dit is my antwoord.

ADV STEENKAMP: Dit lyk vir my baie snaaks. U meld niks van hierdie inligting in elk geval in die eed verklaring wat u vandag vir die kommissie gegee het nie? Kan u vir my enige een voorval noem, een enkele voorval noem, op grond waarvoor u vir Keswa laat optel het?



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR PEENS: Ja, ek kan vir jou baie noem. Stel my in staat, of gee 'n opdrag dat ek toegang kan kry tot daardie ou dossiere, dan gee ek dit vir jou.

ADV STEENKAMP: Nee, dit is nie my vraag nie. Noem vir my een voorval wat u van weet?

MNR PEENS: Ja, verskeie.

ADV STEENKAMP: Noem vir ons een.

MNR PEENS: Ek kan dit nie uit die vuis uit onthou nie, dit is jare terug.

ADV STEENKAMP: Ek dink die probleem was daar, dit was nie korrek gewees nie. Die probleem was dat u het uit u eie uit besluit om vir Keswa op te tel. Daar was beweringe teen u gemaak gewees, was dit nie korrek nie en dat die beweringe wat Keswa, u het geweet Keswa gaan beweringe teen u maak en u was bekommerd daaroor gewees.

En Keswa se "gang" moontlik of die groep dan, die bende u moontlik kan impliseer in sekere voorvalle wat u betrokke was saam met hulle en dat die rede was dat u besluit het dit is nou tyd om vir Keswa op te tel? Daar is in elk geval genoem dossier om hom aan te kla, ons tel hom nou maar op? Daar was geen wettige rede vir u op die oog af om hom op te tel nie, is dit nie wat die posisie was hierso nie?

MNR PEENS: Moet ek dit antwoord? Ek het hom wettig gearresteer. En die bewerig wat u nou maak, wil ek graag hê u moet vir my buitekant kom noem, dat ek u siviel so kan opneuk nè dat jy nie weet waar gaan jy draai nie.

MNR VAN RENSBURG: Meneer, ek dink nie hierdie is 'n forum om aggressief te raak nie.

MNR PEENS: Ek is nie aggressief nie.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR VAN RENSBURG: Nee, verstaan my mooi. Ek is ook nie aggressief teenoor u nie. Ek dink u regsbeampte daar kan sê dat ek het nog nooit aggressief of opgewonde geraak oor enige van u antwoorde nie. Ek dink ons moet net besef dat hierdie forum is 'n ondervraging om antwoorde te kry op uitstaande vrae en ek glo nie ons moet daarby aggressiwiteit betrek nie.

MNR PEENS: Ek is nie aggressief nie, dit is die laaste ding wat ek sal wees.

MNR VAN RENSBURG: Want ek hoop ons kan die forum verder voer op daardie beginsel.

MNR PEENS: Het ek u vraag geantwoord meneer? Is u tevrede?

ADV STEENKAMP: Nee, u het nie my vraag geantwoord nie, ek is glad nie tevrede nie. Die vraag wat ek aan u stel, is 'n moontlikheid, dit is hipotese, want wettiglik kan u nie vir my enkele voorbeelde ...

MNR PEENS: U wil hê ek moet 'n erkenning maak?

ADV STEENKAMP: Nee, ek wil nie hê u moet 'n erkenning maak nie, ek wil vir u vra gee vir my een voorval op een, noem vir my een voorval of een rede hoekom u opdrag gegee het om vir Keswa te arresteer?

U doen nie 'n dossier ondersoek nie, u was nie ondersoekbeampte nie, u het nie opdrag gekry nie.

MNR PEENS: Ek het 'n navraag gedra.

ADV STEENKAMP: U het nie opdrag gekry nie, daar was nie lasbriewe vir hom nie, en tog besluit u uit u eie uit om hom te arresteer.

MNR PEENS: Goed.

ADV STEENKAMP: Nou vra ek vir u waarom, en ek dink die rede is ... (band eindig) ...



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR PEENS: Goed, gaan u my die geleentheid, mnr die Voorsitter, kan ek nou antwoord?

VOORSITTER: Ja, gaan voort.

MNR PEENS: Ek het gewerk op 'n navraagsisteem. Ek het 'n man geïdentifiseer as 'n beskuldigde wat moontlik betrokke is. Ek het hom begin jag tot ek hom gearresteer het.

Dan het ek bewysstukke gaan uithaal. Ek het hom verbind op die misdaad, oorhandig aan die ondersoekbeampte. Keswa moes in 1990 al gearresteer gewees het, dan sal oor 1 000 menselewens gespaar gewees het in die Vaal Driehoek.

Dit is so. Daar is getuienis, as ek kan teruggaan, gaan kyk na die dossiere, sal ek vir u die beëdigde verklarings wys wat mense gesê het, Keswa, ek het hom gesien, hy het so en so doodgeskiet.

Dit is hoekom ek hom gejag het.

MNR VAN RENSBURG: Ek dink adv Steenkamp se vraag was kan u een of twee van daardie gevalle onthou?

MNR PEENS: Ek kan nie, ek kan nie.

MNR VAN RENSBURG: U kan nie een enkele geval onthou nie?

MNR PEENS: Nee. Daar was te veel. Daar was weekliks, basies, voorvalle gewees waar Keswa en sy bende mense doodgemaak het.

ADV STEENKAMP: Dit is vir my interessant, want die hof het inderwaarheid bevind dat u wel Keswa en sy "gang" aangerand het, dit is hoekom hulle onskuldig bevind is. Die bekentenis is as ontoelaatbaar bevind.

MNR PEENS: Die hof het nie bevind dat ek vir Keswa aangerand het nie.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

ADV STEENKAMP: Kan ek net verder daarop uitbrei, en wat verdere interessant is, is dat Keswa nou in u fisiese besit dood is, daar in Sasolburg, in die kombi aan 'n hartaanval, nadat u hom gearresteer het die laaste keer?

MNR PEENS: Ek is nie 'n dokter nie, as 'n man 'n hartprobleem het ...

MNR VAN RENSBURG: U het tog seer sekerlik by die geregtelike ondersoek getuig en u is sekerlik bewus van, of 'n verklaring ingedien?

MNR PEENS: Nee, ek het nie.

MNR VAN RENSBURG: Hetsy dit formeel of informeel was. 'n Persoon word gearresteer en hy sterf in u aanhouding?

MNR PEENS: Dit is korrek.

MNR VAN RENSBURG: Dan moet u tog seer sekerlik 'n verklaring in daardie verband indien?

MNR PEENS: Ek het nie.

MNR VAN RENSBURG: Dan vind ek dit vreemd, hoe kan die hof dan tot 'n bevinding raak wat was die oorsaak van die man se dood?

MNR PEENS: Die Vrystaatse patoloog asook die prokureur-generaal het bevind hy is dood aan natuurlike oorsake.

MNR VAN RENSBURG: Ja, maar waarop baseer hulle nou hulle bevinding, want die persoon word in hegtenis geneem fisies in 'n normale toestand. Hy word nou uit sy vryheid ontneem en hy word nou in hegtenis geplaas of onder dwang, nie dwang nie, maar onder beskerming geplaas.

Sy vryheid word hom ontneem en die volgende oomblik sterf hy nou in aanhouding. En die opdrag van die polisie in daardie stadium was waar 'n persoon



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

in aanhouding sterf na arrestasie, moet 'n senior Staatspatoloog 'n geregtelike of 'n "post-mortem" dan op hom hou om die oorsaak van die dood te bepaal?

MNR PEENS: Dit is gedoen, ja.

MNR VAN RENSBURG: En dan moet daar tog in elk geval deur die persone wie daardie man in hegtenis geneem het, die oorledene, moet daar tog een of ander vorm van verklaring ingaan oor wat sy fisiese toestand ten tye van die arrestasie was en wat het dan met hom gebeur tot en met sy dood, of die ongeval dan.

MNR BOTHA: Mnr Voorsitter, ek dink ek moet my kliënt net hierso bystaan. My respekvolle submissie is dat die vraag beantwoord is, ek het nie 'n verklaring gemaak nie, ek weet nie, die patoloog het dit bevind, die prokureur-generaal het beslis om nie te vervolg nie, ek weet nie. Daar kan seer sekerlik nie van my kliënt verwag word om hulle redes wat hulle gedoen het, aan die kommissie voor te hou nie.

MNR VAN RENSBURG: Nee, ek dink nie ek vra vir u kliënt om die antwoord namens die patoloog te verstrek nie. Ek vra vir hom normale prosedure.

Die prosedure is ek arresteer persoon A in 'n fisiese gesonde toestand, op pad na die opsluitplek sterf die persoon. Seer sekerlik moet ek wat die arrestasie uitgevoer het, nou 'n verklaring aflê oor wat was die omstandighede waaronder hierdie man gesterf het?

ADV STEENKAMP: Ek wonder of ons dit kan vorentoe vat deur die vraag net 'n bietjie te verander, deur te sê verduidelik vir ons, wat het gebeur?

MNR PEENS: Hy het begin siek word.

VOORSITTER: Hoe is hy dood, wat het u toe gemaak?



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR PEENS: Hy het begin siek word, hy het vir my gesê hy het 'n pyn in sy bors. Ek is met hom hospitaal toe. Met die aankoms daar is hy dood gesertifiseer. Ek is genader om 'n verklaring te maak, ek het geweier om 'n verklaring te maak tot en met na die lykskouingsbevinding en na die bevinding het ek gesê "toughies", ek maak nie 'n verklaring nie.

MNR VAN RENSBURG: Goed, kan ek daardie opvolg en net vir u sê, u sê hy het siek geword, hy het gekla oor 'n pyn, u het met hom hospitaal toe gegaan.

MNR PEENS: Hy het vir my gesê hy raak benoud.

MNR VAN RENSBURG: Ja, u het met hom hospitaal toe gery. U sê met aankoms is hy dood verklaar. Het u agtergekom dat hy êrens sterf in daardie rit?

MNR PEENS: As jy bestuur het jy nie tyd om te kyk of 'n ou doodgaan of nie.

MNR VAN RENSBURG: Waar het hy gesit?

MNR PEENS: Reg agter my.

MNR VAN RENSBURG: Was daar ander mense in die kar?

MNR PEENS: Ja.

MNR VAN RENSBURG: Het die ander mense niks gesê in daardie tyd nie?

MNR PEENS: Marlo, dit is een van my kollegas, het noodhulp toegepas. Hy het hom probeer masseer.

MNR VAN RENSBURG: Hoekom, het hy daar gesê hy is dood of hoekom het hy probeer noodhulp toepas?

MNR PEENS: Nee, nee. Ons het nie gedink hy is dood nie.

MNR VAN RENSBURG: Hoekom masseer hy hom?

MNR PEENS: Die dokter in die hospitaal het gekom, toe sê hy hoor hier, hierdie ou is dood. Toe sê ek maar dit is onmoontlik, ek het nou met hom gepraat.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR VAN RENSBURG: U sê Marlo het hom masseer? Hoekom het hy hom masseer?

MNR PEENS: Ek het vir hom gesê Marlo help die man.

VOORSITTER: Vertel vir my 'n bietjie meer daarvan, ek wil net graag weet wat is die omstandighede? Wat ek het, ek u moet regtig aanvaar dat ek sit koud hierso, ek het nie die saak ondersoek nie, ek het nie die agtergrond gelees nie.

Ek tree regtig op as 'n voorsitter en daarom wil ek die inligting verstaan wat u vir ons gee. U het vir my gesê u het hom gelaai, hospitaal toe geneem omdat hy gesê het hy is behoud, probleme. U sê hy is by aankoms daar dood verklaar.

Ek het vir u verder gevra waar het hy dood gegaan, u sê u hou nie iemand dop as u bestuur nie. Ek het vir u gevra was daar ander mense in die kar, toe sê u ja daar was, hy het agter gesit. Marlo het hom masseer.

U het vir hom gesê, Marlo help die man.

MNR PEENS: Ek het vir hom gesê pas noodhulp toe.

VOORSITTER: Hoekom het u vir hom gesê Marlo help die man? Het hy met u gepraat?

MNR PEENS: Keswa het vir my gesê hy is benoud en hy het sy bors houvas. Ons was op pad Heilbron toe, toe trek ek van die pad af, toe kyk ek so. Toe ek so na hom kyk, as 'n swartman wit raak in sy gesig, dan moet jy weet daar is fout.

Toe draai ek om, toe kontak ek radiobeheer, toe sê ek vir hulle, ek is op pad Sasol hospitaal toe, hierdie ou, toe weet ek, jy kan dit sien.

Jy hoef nie 'n dokter te wees om te weet 'n ou is in die dinges nie. Toe sien ek hierdie ou, daar is fout. Toe sê ek Marlo, druk, masseer, ek jaag. En ons het by die hospitaal stilgehou. Ek en die suster het nog 'n argument gehad die aand omdat



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

hulle nie vinnig genoeg was nie, want ek, hierdie ou, dit was vir my belangrik dat hy moes leef.

ADV STEENKAMP: Jammer, kan ek daar net die voorsitter miskien help. Die eintlike rede was dat daar was 'n klag gelê by die aanklagkantoor dat hierdie voorval verdag voorgekom het en dat u na drank geruik het en dat u aggressief was, dit was die rede, is dit nie waar nie?

MNR PEENS: Dit is vir my nuus.

VOORSITTER: Mnr Peens, ons praat nou nog die hele tyd van Victor Keswa, wat was sy bekende noemnaam in die pers?

MNR PEENS: Die Vaal Monster, (onduidelik)

VOORSITTER: Dankie.

ADV STEENKAMP: Kan ek u net terugneem na iets vroeër, 'n vraag van mnr Janse van Rensburg. U het gepraat of u het gesê nee, u was nooit betrokke by 'n marteling nie, uself nie?

MNR PEENS: Ek was nie.

ADV STEENKAMP: Ja, u nooit nie.

MNR PEENS: Nee.

ADV STEENKAMP: U het ook gesê dat u dit nie sal betwis dat eenhede wel metodes van marteling toegepas het nie.

MNR PEENS: Ek kan nie sê hulle het nie.

ADV STEENKAMP: Is dit korrek? U kan nie sê hulle het nie?

MNR PEENS: Dit is korrek, ja.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

ADV STEENKAMP: Het u enige inligting gehad, het u op enige stadium iets waargeneem wat vir u die indruk geskep het dat daar inderdaad martelings metodes toegepas is? Het u enige vermoedens op enige stadium gehad?

MNR PEENS: Nee.

ADV STEENKAMP: So wat u betref, almal met wie u saamgewerk het in hierdie volle tydperk van u dienstydperk en spesifiek in die laaste 10 jaar, u het nooit enige vermoede gehad dat enige van hulle enige aangehoudene gemartel het nie?

MNR PEENS: Nee. Daar was niks ...

MNR KILLIAN: Mnr Peens, volgens u eie waarneming, u was nou baie jare lank 'n lid van die Suid Afrikaanse Polisie, die metodes wat beskryf was deur die klaers wat teen u aanklagtes ingedien het, met betrekking tot hetsy dit nou 'n sak oor die kop of 'n "dynamo" wat gedraai word met elektrodes wat aan hulle gekoppel word om 'n elektriese effek te bewerkstellig, die persone wat die klagtes ingedien het, in die globale getal sake wat teenoor u aanhangig gemaak is, die stem basies ooreen. Vind u dit vreemd dat al die mense individueel elke keer dieselfde metode kom beskryf het?

MNR PEENS: Nee, nee. Dit is waar my stelling inkom van die tronkadvokate.

MNR KILLIAN: Ja, maar hierdie mense het hierdie verklarings afgelê alvorens hulle in die tronke opgeneem was, sommige van hulle, nie almal nie.

MNR PEENS: Daardie mense het nooit in 'n hof kom getuig nie.

MNR KILLIAN: Nee, maar die sake is elke keer na die prokureur-generaal verwys wat in die nege-en negentig persent geweier het om hulle te vervolg, so hulle het nie geleentheid gehad om te getuig in die hof nie.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR PEENS: Probeer u vir my sê dat die prokureur-generaal betrokke of onbevoeg was om beslissings te maak?

MNR KILLIAN: Nee, nie in die minste sê ek dit nie. Ek sê die prokureur-generaal maak 'n bevinding om dit wat aan hom voorgelê word ...

MNR PEENS: Dit is die getuienis.

MNR KILLIAN: Ja, hy het geen nader keuse nie.

MNR PEENS: Presies, ja.

MNR KILLIAN: Hy is nie betrokke by die ondersoek nie.

MNR PEENS: Presies. Nou, ek was nooit betrokke by 'n marteling nie.

MNR KILLIAN: Nee, ek vra nie dit vir u nie, of u ooit betrokke was by 'n marteling nie. Ek vra vir u vind u dit nie vreemd ...

MNR PEENS: Dit is vreemd, ja.

MNR KILLIAN: Dat al hierdie mense presies dieselfde metodes kom beskryf nie? Ek vra nie vir u ...

MNR PEENS: Meneer, daar kom my stelling weer in van 'n tronkadvokaat.

MNR KILLIAN: Ek sê weer vir u ...

MNR PEENS: U kan kyk, u kan 'n geskiedenis opbou, sodra 'n man in die tronk instap, kom hy met daardie bewerings uit. Voor hy tronk toe gaan, sal hy nie 'n bewering maak nie, maar hy is tien minute in die tronk, dan sê hy die polisie het dit en dit en dit gedoen.

MNR KILLIAN: Meneer, ek wil aan u 'n stelling maak, ek was 37 jaar 'n polisieman en ek ken die polisie se funksies. En ek het deur al die paaie gegaan in verskillende vertakkings van die polisie, en ek vind dit vreemd dat persone elke



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

keer met dieselfde modus operandi kom en dat dit onaanvaarbaar is aan die einde van die dag.

MNR PEENS: Ek weet nie, u was 37 jaar 'n polisieman, dan behoort u te weet hoe werk 'n ou polisieman.

MNR KILLIAN: Dit is presies hoekom ek dit vir u vra

MNR PEENS: Maar ek wil dit net vir u sê, dit was nie my metodes nie.

MNR VAN RENSBURG: Mnr Peens, ek wil teruggaan na die gebeure toe die middag ...

ADV STEENKAMP: Net voor u voortgaan. Brei net vir my 'n bietjie uit, ek is nie seker dat ek verstaan wat die gesprek tussen u en mnr Killian was nie. U sê vir hom u weet hoe werk 'n polisieman?

MNR PEENS: Ek het vir hom gesê hy behoort te weet hoe werk 'n polisieman, maar ek het nooit metodes gebruik of daardie tipe metodes gebruik nie.

MNR VAN RENSBURG: Goed, om terug te gaan na die middag met die gebeure met Victor Keswa?

MNR PEENS: Ek dink, kom ons kyk na Keswa, kom ons vergeet na Keswa, die man is dood aan natuurlike oorsake.

MNR VAN RENSBURG: Nee, ek wil graag hê u moet vir my presies vertel wat daardie middag daar plaasgevind het en u sê u het hom gaan sien ongeveer so vyfuur se kant in sy kantoor? Is dit korrek, so min of meer vyfuur se kant?

MNR PEENS: Tussen vyf en ses die middag.

MNR VAN RENSBURG: Goed, u sê u het toe met hom gepraat en hy het u meegedeel hy sal saam werk?

MNR PEENS: Ja.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR VAN RENSBURG: Watse tipe samewerking - het hy gesê hy gaan vir u wapens uitwys, verdagtes, ander verdagtes, wat was die aard van sy samewerking?

MNR PEENS: Ja, hy sal gaan wapens uithaal het.

MNR VAN RENSBURG: Wapens uithaal, in verband met?

MNR PEENS: Met die massa slagtings.

MNR VAN RENSBURG: Met die massa slagtings?

MNR PEENS: Ja.

MNR VAN RENSBURG: Het hy vir u vertel watter massa slagtings of sommer net massa slagtings?

MNR PEENS: Met al die "drive by night shootings".

MNR VAN RENSBURG: Met al die "drive by night shootings"?

MNR PEENS: Dit is reg ja.

MNR VAN RENSBURG: Dit is waar die wapens versteek was wat in daardie voorvalle gebruik is?

MNR PEENS: Dit is wat hy beweer het.

MNR VAN RENSBURG: Dit is wat hy beweer het?

MNR PEENS: Ja.

MNR VAN RENSBURG: Het hy vir u gesê wie nog daarby betrokke was?

MNR PEENS: Ja.

MNR VAN RENSBURG: Watter name het hy genoem?

MNR PEENS: Maboti, Cindi, Dougie Tsongo.

MNR VAN RENSBURG: En het hy vir u meer detail gegee oor die aard van hierdie skietery?

MNR PEENS: Ja.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR VAN RENSBURG: En het hy dit alles aan u vrywilliglik verskaf?

MNR PEENS: Ja.

MNR VAN RENSBURG: En hoe lank het hierdie onderhoud met hom omtrent geduur?

MNR PEENS: Seker 'n uur plus.

MNR VAN RENSBURG: 'n Uur plus. Nou na u die inligting bekom het, het u dadelik besluit om na hierdie wapen opslagplek toe te gaan of ...

MNR PEENS: Ja. Dit was belangrik.

MNR VAN RENSBURG: Ja. Was u alleen toe u die onderhoud met hom gehad het?

MNR PEENS: In my kantoor, voor die tyd, ja.

MNR VAN RENSBURG: En het u ander mense ingeroep om u te kom bystaan met die ondersoek?

MNR PEENS: Nee.

MNR VAN RENSBURG: Nie? En toe u besluit het om nou na die wapens te gaan soek, die uitwysings te gaan doen, het u enigiemand geroep om u te kom behulpsaam wees?

MNR PEENS: Toe is ek eers na my huis toe, ek het vir my 'n tas klere gaan pak, want ek het geweet dit is nie 'n nag se werk nie, dit is ten minste 'n week se werk.

Want Keswa het 'n paar plekke genoem, onder andere tot aan die kus. En ek het toe teruggekom, toe het ek met hom pad gevat, ek het toe vir Marlo Claase en Piet Claassen, wat deel was van my span, gesê kom "boys" ons vat pad, ons gaan werk.

MNR VAN RENSBURG: Hoeveel plekke het hy aan u genoem?



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR PEENS: Ses, sewe.

MNR VAN RENSBURG: Waarvan die naaste een aan u was?

MNR PEENS: Die naaste een sou gewees het anderkant Heilbron. Dan sou dit Wesselsbron gewees het en dan sou ons afgegaan het Zululand toe.

MNR VAN RENSBURG: En het hy vir u min of meer 'n indikasie gegee waar daar nog wapens in Zululand was of het hy net gesê in Zululand?

MNR PEENS: Hy het gesê hy sal die plekke gaan uitwys. Onder andere, as ek reg onthou Mahlabatini het hy genoem.

MNR VAN RENSBURG: En dit is teen die kus?

MNR PEENS: Dit is nie ver van die kus af nie.

MNR VAN RENSBURG: En goed, en toe het u vir Claassen en Claase gekry en is u toe in u voertuig of in wie se voertuig is u daar weg?

MNR PEENS: In 'n polisievoertuig, 'n blou Volkswagen Golf.

MNR VAN RENSBURG: Goed. Watter pad het u toe geneem?

MNR PEENS: Sasolburg, Heilbron.

MNR VAN RENSBURG: En hoe laat was dit toe omstreeks?

MNR PEENS: Dit was hier in die oggendure gewees, twee-, drie-uur.

MNR VAN RENSBURG: Nou u sê u was eers huis toe?

MNR PEENS: Ja, 'n tas gaan pak en ...

MNR VAN RENSBURG: As u geweet het hierdie hele operasie sou 'n week duur, dit is nogal 'n redelik tydjie, het u enigiemand van u bevelvoerders in kennis gestel daarvan dat u vir 'n week besmoontlik gaan weg wees?

MNR PEENS: Ja.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR VAN RENSBURG: En het u goedkeuring gekry vir hierdie ondersoek van u waar u 'n week weg gaan wees?

MNR PEENS: Ja.

MNR VAN RENSBURG: Wie het vir u die goedkeuring gegee?

MNR PEENS: Kaptein Havenga.

MNR VAN RENSBURG: Kaptein Havenga?

MNR PEENS: Ja.

MNR VAN RENSBURG: Goed, en okay, u is toe op die pad en u sê omstreeks hoe laat was dit?

MNR PEENS: Dit was in die oggendure, twee, drie-uur. Ek weet dit was koud gewees die oggend.

MNR VAN RENSBURG: Waar het u vir Claassen en Claase gekry?

MNR PEENS: By my kantore.

MNR VAN RENSBURG: By u kantore, so u het van u huis af teruggegaan na die kantore toe?

MNR PEENS: Dit is reg, ja.

MNR VAN RENSBURG: En toe wanneer het u vir die eerste keer, hoe ver was u van Heilbron af, van Sasolburg af voordat u agtergekom het hierso is probleme?

MNR PEENS: Ek weet nie. 30 Kilometers, 20 kilometers, ek weet nie.

MNR VAN RENSBURG: Van Sasolburg af nou?

MNR PEENS: Ek sal sê min of meer in die helfte van die twee plekke, ek weet nie presies nie.

MNR VAN RENSBURG: So u was al half verby Sasolburg?

MNR PEENS: Ja, ek was verby Sasolburg.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR VAN RENSBURG: Was dit die eerste keer dat hy iets genoem het dat hy nie goed voel nie, dit is nou Keswa of het hy vroeër die middag vir u iets gesê?

MNR PEENS: Nee, ek het hom 'n vraag gevra. Ek kan nie onthou wat ek hom gevra het nie, toe sê hy net vir my hy is siek. Toe verminder ek spoed, toe draai ek om, toe sê ek wat is fout, toe sê hy het pyn, ensovoorts, ensovoorts.

MNR VAN RENSBURG: Het hy Afrikaans of het hy Engels gepraat?

MNR PEENS: Afrikaans.

MNR VAN RENSBURG: En Keswa het op die stadium ook direk agter u gesit?

MNR PEENS: Ja.

MNR VAN RENSBURG: En Claase, het hy langs u gesit?

MNR PEENS: Claassen het langs my gesit, Claase het agter gesit, langs Keswa.

MNR VAN RENSBURG: Goed, en toe het u omgedraai.

MNR PEENS: Ja.

MNR VAN RENSBURG: Nou, wat het u laat besluit om Sasolburg toe te gaan en nie aan te gaan Heilbron toe nie?

MNR PEENS: Ek dink Sasol was die naaste op daardie stadium en het die beste mediese fasiliteite gehad. Soos ek vir jou sê as jy kyk na 'n swarte en hy is wit in die gesig, dan moet jy weet, daar is probleme.

MNR VAN RENSBURG: Het u net omgedraai, is daar enigiets anders wat u gedoen het op daardie stadium?

MNR PEENS: Ek het vir Marlo gesê hoor hier, pas noodhulp toe, pomp hom.

MNR VAN RENSBURG: En toe draai u om en ry terug?

MNR PEENS: Toe jaag ek terug.

MNR VAN RENSBURG: U jaag toe terug. Op watter stadium het u ...



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR PEENS: Toe ek omdraai, het ek onmiddellik my radio, toe kontak ek radiobeheer en sê bel vir my Sasol ongevalle, sê vir hulle ek is op pad. Hulle moet vir my gereed, hulle moet 'n geneesheer beskikbaar kry, hierdie man is siek.

MNR VAN RENSBURG: Wat was die aard van u, is dit al wat u aan hulle gesê het?

MNR PEENS: Ja.

MNR VAN RENSBURG: U het nie vir hulle 'n indikasie gegee van hoe lank dit gaan vat voor u by die hospitaal is of so nie?

MNR PEENS: Nee, ek het net vir hulle gesê ek is op pad.

ADV STEENKAMP: Kan ek miskien net twee stellings of twee stukkies aan u aanhaal. Miskien net u kommentaar hoor. Die eerste kom uit 'n verslag van die polisie aanmeldingsbeampte, hy sê die volgende "die gevolgtrekking waartoe gekom kan word na ontleding van die verklaring van die drie lede, dit is nou die drie lede in die voertuig, en gesien en getoets teen die verklaring van konstabel Leonie van der Walt and suster Jordaan, asook teen die menings van dokter Wagner is dat die drie lede baie verswyg en nie die volle waarheid in hulle verklarings weergee nie. Alles dui daarop dat die oorledene deur die drie lede aan erge koue blootgestel word."

Dit is die een stukkie, die tweede stukkie is die verklaring wat u so verwys, wat die prokureur inderwaarheid sê "ek het daarna ook 'n telefoniese oproep van Daniël Maboti ontvang waarin hy ook aan my gemeld het dat hy inligting ontvang het dat Hunter aangerand is, dat Peens gedreig het dat hy hom asook Victor en sy vriende gaan doodmaak as hy hulle vang. Daniël het gesê dat hy bang was dat Peens hom gaan doodmaak en homself nie aan die polisie wou oorgee nie."



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Ek bedoel hier is verskeie mense mnr Peens, van buite af, het niks met u uit te waai nie, het niks met die polisie uit te waai nie, wat u nie ken nie, wat nie hierdie mense eers ken nie, wat broks en stuksgewys inligting gee wat alles daarop dui en dit wil ek aan u stel, dat u Keswa gevang het met een doel voor oë en dit is om hom dood te maak, en dit is eintlik wat met Keswa gebeur het, om een of ander rede het u hom gemartel en dit is waaraan hy dood is.

Inderwaarheid, as ons kyk na die mediese rekords, dan was daar aanduidings gewees dat Keswa op 'n stadium vasgemaak was, en kneuswonde aan sy liggaam gehad het. Hoekom sal al die mense nou van buite af nou vir u impliseer?

MNR PEENS: Ek weet nie.

ADV STEENKAMP: Wil u nie maar vir ons die waarheid vertel hier vandag nie mnr Peens? Wil u nie maar die geleentheid gebruik en vir ons sê vandag, vir een keer vir ons sê wat het met Keswa gebeur daardie dag en waarom het dit gebeur, wat met hom gebeur het nie?

MNR PEENS: Die man is dood aan sy hart.

ADV STEENKAMP: Wil u nie maar die geleentheid gebruik nie mnr Peens?

MNR PEENS: Mnr Steenkamp, ek ...

MNR VAN RENSBURG: As ek miskien net daar waar ons nou opgehou het. U sê u ry toe terug, hoe lank het dit omtrent gevat?

MNR PEENS: Nee, o hemel, ek weet nie.

MNR VAN RENSBURG: Het dit langer as tien minute gevat, korter as tien minute?



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR PEENS: Ek weet nie, gaan na radiobeheer in Vereniging toe. Laat hulle kyk na hulle rekords. Vanaf ek gekontak het totdat ek by die hospitaal stilgehou het, ek weet nie, ek kan nie onthou nie. Dit voel vir jou op daardie stadium soos 'n leeftyd. Ek weet nie.

MNR KILLIAN: Maar mnr Peens, radio se rekords kan net 'n refleksie wees van op die stadium toe u met hulle kontak gemaak het.

MNR PEENS: Dit is korrek, ja.

MNR KILLIAN: Hulle kan nie verantwoording doen vir wat gebeur het voordat u met hulle kontak gemaak het nie, is dit ook korrek?

MNR PEENS: Dit is korrek, ja.

MNR VAN RENSBURG: Goed, ek wil die vraag weer aan u stel. U sê dit was ongeveer so 30 kilometer, so om en by halfpad tussen beide van hulle. Nou u kan miskien nie presies onthou nie ...

MNR PEENS: Ek sê min of meer.

MNR VAN RENSBURG: Ja. U kan miskien nie presies onthou nie, maar u kan tog vir ons min of meer 'n indikasie gee, u weet min of meer hoe vinnig u gery het en wat die verkeerstoestande daardie aand was. Hoe lank het dit u gevat toe om by die hospitaal uit te kom?

MNR PEENS: Ek weet nie. Ek weet nie.

MNR VAN RENSBURG: Het dit langer as 'n halfuur geneem?

MNR BOTHA: Mnr die Voorsitter, met alle respek, daar word nou van my kliënt verwag om verskriklik te spekuleer. Hy het alreeds by verskeie kere te kenne gegee dat hy nie weet nie.

VOORSITTER: Ek dink ons laat dit maar daar.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

ADV STEENKAMP: Kan u net vir my sê het u enige bevelvoerders, vir u direkte bevelvoerder in kennis gestel dat u nou vir Victor Keswa gearresteer het en dat u hom gaan uitneem vir uitwysings, dat u uit die gebied uitgaan? Het u ander area polisie hoofde in kennis gestel soos normaalweg die gebruik was en gesê hoor hier, ek bring 'n man in julle gebied in, ons gaan moontlik uitwysings doen?

MNR PEENS: Nee, ek het nie.

ADV STEENKAMP: Het u enige persoon in kennis gestel, behalwe die ander twee persone saam met u dat u nou vir Keswa uitneem?

MNR PEENS: Nee, ek het nie.

ADV STEENKAMP: Het u nie gedink dit is belangrik nie?

MNR PEENS: Nee.

ADV STEENKAMP: Waarom nie? Hier vang u die persoon wat bekend staan as die Vaal Monster, u as 'n onder-offisier besluit om nie eers u offisier aan diens in kennis te stel, die man is gearresteer en ons neem hom nou uit nie? Het u nie gedink dit is belangrik nie?

MNR PEENS: Nee.

ADV STEENKAMP: Waarom nie?

MNR PEENS: Ek het gedink dit is nie belangrik nie.

MNR KILLIAN: U sê u het Havenga se toestemming gekry om weg te wees. Het u nie vir hom gesê waarmee nie?

MNR PEENS: Ek het net vir hom gesê ek gaan op ondersoek. Daar was vir my nooit vrae gevra nie omdat ek goed was in wat ek gedoen het en dit is dit.

MNR KILLIAN: As ek u reg verstaan, dan was u oordeel dat Keswa die sentrale figuur was in al die geweld?



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR PEENS: Ja.

MNR KILLIAN: U arresteer hom, u gaan op ondersoek uit en u sê vir niemand nie, u sê nie vir een van u seniors aan wie u moet rapporteer nie?

MNR PEENS: Nee, ek het nie.

MNR KILLIAN: Het u nie gedink dit is belangrik nie, is dit die antwoord wat ek gehoor het?

MNR PEENS: Ek het daardie aand 'n besluit geneem, ek het besluit ek vat die man uit, ek gaan my saak bewys en dit is dit. Ek het dit nie nodig geag om vir enigiemand te sê wat ek gaan doen nie.

MNR KILLIAN: Mnr Killian, u het gesê dat u so bekommerd was oor die omstandighede wat op daardie stadium in die Vaal Driehoek geheers het, dat u die vrymoedigheid gehad het om senior mense te skakel en te sê kyk nou moet hier 'n eenheid gestig word wat aan hierdie vergrype aandag kan gee? Is dit korrek?

MNR PEENS: Nee, dit is nie wat ek gesê het nie.

MNR KILLIAN: Stel my reg.

MNR PEENS: Ek het senior personeel genader en gesê kyk, hierdie stront moet nou einde kry.

MNR KILLIAN: Het dit toe einde gekry en is die eenheid toe gestig?

MNR PEENS: Na Keswa se arrestasie?

MNR KILLIAN: Nee, voor sy arrestasie?

MNR PEENS: Nee. Nee, nee, u verstaan my heel verkeerd.

MNR KILLIAN: Nee, ek vra u net.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR PEENS: Ek het Brigadier van Niekerk gebel uit Brixton se kantore uit, toe sê ek vir hom Brigadier, ek kan dit nie meer hanteer nie, dit is elke oggend twee-, drie-uur.

MNR KILLIAN: Maar toe het jy reeds kennis gedra dat Keswa is die prinsipaal in hierdie probleem?

MNR PEENS: Ja, ja. Toe het al die senior polisiemanne kennis gedra daarvan.

MNR KILLIAN: En dit het aanleiding gegee na u oproep en gesê ek is nou siek en sat vir hierdie strooi?

MNR PEENS: Dit is reg.

MNR KILLIAN: En ek dink hier moet nou werk gemaak word van hierdie strooi?

MNR PEENS: Dit is reg ja.

MNR KILLIAN: En hier moet nou 'n spesiale ondersoekeenheid gestig word?

MNR PEENS: Nee.

MNR KILLIAN: Wat was u voorstel?

MNR PEENS: Toe vra ek plaas my oor van Moord en Roof af, OG en E toe.

MNR KILLIAN: Wat het toe gebeur?

MNR PEENS: Dit is gedoen, binne 15 minute, het ek begin met die ondersoek.

MNR KILLIAN: Ja, is dit toe voor of na?

MNR PEENS: Na my oproep.

MNR KILLIAN: Voor of na Keswa se arrestasie?

MNR PEENS: Nee, voor sy arrestasie.

MNR KILLIAN: Okay, goed. Nou gaan ons verder. Dit was nou u primêre doel waaroor u hierdie mense genader het en gesê het ek het nou genoeg inligting,



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

ek het nou genoeg tyd gemors en hier word niks fisies gedoen om 'n einde te bring aan hierdie geweld in hierdie omgewing nie en daarom stel ek voor daar moet nou A,B,C gebeur?

MNR PEENS: Dit is reg, ja.

MNR KILLIAN: En dit het toe gebeur?

MNR PEENS: Dit het gebeur.

MNR KILLIAN: En wat u in werklikheid toe geword het, is u was toe nou die toesighouer of die bevelvoerder van 'n veld eenheid?

MNR PEENS: Dit is reg, ja.

MNR KILLIAN: En die veld eenheid was getaak om sekere mense op te spoor?

MNR PEENS: Dit is korrek.

MNR KILLIAN: Nie om ondersoeke te doen nie?

MNR PEENS: Ons was belas gewees met die opsporing van mense en die opsporing van bewysstukke.

MNR KILLIAN: Presies. En dan word daardie gearresteerdes oorhandig aan 'n volwaardige ondersoekspan. Hulle neem dan die ondersoek waar. Hoekom het u nou vir Keswa gevat en u gaan nou die ondersoek doen, terwyl dit nie u taak was nie?

MNR PEENS: Ek het reeds vir u gesê ek het vir Keswa gevat om bewysstukke te gaan uithaal. Dit was die taak van my eenheid. (Onduidelik) bewysstukke.

MNR KILLIAN: Die arrestasie van Keswa was die primêre funksie waarmee u getaak was?

MNR PEENS: Ek het hom nie eers gearresteer nie.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR KILLIAN: Wie het hom gearresteer by die prokureur se kantore?

MNR PEENS: Ek weet nie eers wie het hom gaan haal nie. Ek het hom aangetref by my kantore.

MNR KILLIAN: Ons het hier 'n verklaring as my geheue my nie in die steek laat nie, wat sê u het hom by die prokureur se kantore in ontvangs geneem.

MNR PEENS: Ek het gesê hy was gearresteer by die prokureur se kantore, by Anneke of wat ook al Van der Westhuizen.

MNR KILLIAN: Toe u hom nou klaar, hy was nou klaar in arres geplaas. U volgende funksie sou gewees het om hom nou aan die ondersoekspan te oorhandig.

MNR PEENS: Aan die ondersoekbeampte.

MNR KILLIAN: Die ondersoekbeampte sou ook nie 'n enkele persoon gewees het nie, hy sou ook handlangers gehad het.

MNR PEENS: Dit is moontlik, ek weet nie.

MNR KILLIAN: Ons sê maar die ondersoekspan.

MNR PEENS: Met die bewysstukke.

ADV STEENKAMP: Nee mnr Peens, ek dink u as 'n ervare polisieman, regtig onderskat ons 'n bietjie. U was nie 'n offisier gewees nie, u stem daarmee saam?

MNR PEENS: Nee, ek was 'n sersant.

ADV STEENKAMP: U was 'n sersant, goed.

MNR PEENS: Nee, ek dink ek was daardie tyd 'n konstabel as ek reg onthou.

ADV STEENKAMP: Nou vat u 'n persoon uit wat uitwysings gaan maak, wat neer kan kom op bekentenisse.

MNR PEENS: En hy ontwikkel 'n hartvirus en hy gaan dood as gevolg daarvan.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

ADV STEENKAMP: Nee, gee my 'n geleentheid. U van nou as 'n sersant, u is nie 'n offisier nie, u weet wat die probleem is as uitwysings aan sersante gemaak word.

As bekentenisse aan sersante gemaak word, dit is ontoelaatbaar in 'n hooggeregshof, in enige hof, dit is enige hof sover my kennis strek. Artikel 217 en 219 is duidelik, dit is ontoelaatbaar, u weet dit.

U vat nie die man vir 'n bekentenis aan 'n offisier nie, u vat hom nie na 'n landdros toe nie, nee, u gaan nou uitwysings doen, want dit is wat die man gaan doen, hy gaan nie bewysstukke uithaal nie, hy gaan nie bewysstukke - hy gaan aan u uitwysings maak.

U rapporteer dit aan niemand nie. Daar is hordes dossiere wat lê en wag, moordsake wat u sê, u kan nie eers onthou hoe baie dit is nie. U stel nie 'n enkele ondersoekbeampte wat in die meeste gevalle offisiere was, eers in kennis nie.

U weet hier gaan uitwysings kom wat onmoontlik is om te bewys, al kry u die bewysstukke. Dit is die een ding wat ek aan u wil stel. Dit is die een ding, en dit het u geweet. U het dit geweet. Daardie goed sal nooit bewys kan word nie, maak nie saak wat nie.

Die tweede punt wat ek aan u wil maak, ek dink dit is amper die belangrikste, u het en dit is wat ek nie kan verstaan nie, miskien kan u vir my sê, u sê self dat Keswa was voortvlugtend gewees.

Hier arresteer u vir Keswa, van alle mense, u arresteer Keswa. U sê self u soek na hom en hy besluit net daar en dan, daardie dag, ek gee my samewerking vir mnr Peens en nou gaan ons uitwysings maak. Klink dit nie vir u snaaks nie?



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Gesien teen die lig dat u niemand in kennis stel nie, u weet daardie uitwysings is ontoelaatbaar, steeds besluit u ek gaan nou op my eie aan. Rym dit vir u?

MNR PEENS: Hoe kan 'n mens antwoord op so 'n ding. Dit is soos dit gebeur het.

ADV STEENKAMP: Kan u dit verklaar, ek weet dit het so gebeur. Ek stry nie met u nie, dit is wat u sê. Ek vra kan u vir my 'n verduideliking gee daarvoor?

MNR PEENS: Nee, ek kan nie.

ADV STEENKAMP: Waarom nie, u was daar?

MNR PEENS: Ek kan nie vir u sê hoekom die man besluit het om saam te werk nie. Ek kan nie vir u sê hoekom die man besluit het om te praat nie.

ADV STEENKAMP: Ek wil 'n kans vat, dit is die enigste saak wat u ooit hanteer het, wat u as 'n sersant 'n persoon op moordsake gevat het vir uitwysings, hierdie was die enigste en die laaste een?

MNR PEENS: Nee, nee, jy maak 'n fout.

MNR KILLIAN: Goed, mnr Peens, het u ooit 'n speurderskursus bygewoon?

MNR PEENS: Nee.

MNR KILLIAN: Het u ooit opleiding gekry as 'n speurder?

MNR PEENS: Nee. (band eindig) ...

MNR KILLIAN: ... reëls verduidelik? Weet u wat dit is en waar dit ontstaan het?

MNR PEENS: Ek weet nie, is dit in die Griekse woordeboek gebruik. Ek weet nie.

MNR KILLIAN: Nee wag 'n bietjie broer, moet nou nie met my grappies maak nie, ek is baie ernstig as ek nou met jou praat.

Weet jy wat is regtersreëls?



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR PEENS: Ja.

MNR KILLIAN: Sê vir my wat is dit.

MNR PEENS: Regtersreëls is saamgestel deur 'n groep regters, as ek reg onthou in die Kaap, om 'n persoon te verduidelik wat sy regte is.

MNR KILLIAN: En wat sê dit vir u?

MNR PEENS: Dit sê vir jou jy het die reg op regsverteenwoordiging, jy het die reg om te swyg ensovoorts.

MNR KILLIAN: Nee, dit praat ook van uitwysings en verklarings wat op 'n bekentenis neerkom.

MNR PEENS: Dit is reg. So u is vertroud daarmee, u is vertroud daarmee?

MNR PEENS: Natuurlik.

MNR KILLIAN: En des nieteenstaande besluit u as 'n konstabel terwyl u weet wat behels regtersreëls, ek gaan regtersreëls omverwerp, ek gaan nie 'n offisier wat 'n bevoegde persoon is, om 'n toneel uitwysing waar te neem en in 'n hof te gaan getuig, oor sulke uitwysings en verklarings en bekentenisse in kennis stel nie, neem u hierdie man uit?

MNR PEENS: Dit is korrek.

MNR KILLIAN: As 'n konstabel?

MNR PEENS: Ja.

MNR KILLIAN: Waar het u daardie regverdiging vandaan gekry?

MNR PEENS: Ek het self besluit.

ADV STEENKAMP: Ten tyde van Keswa se dood het Keswa reeds 'n prokureur gehad, mev Van der Westhuizen, korrek so?

MNR PEENS: Ja. Ja.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

ADV STEENKAMP: U het nie gedink om haar in kennis te stel nie, die man het reeds 'n prokureur wat reeds namens mnr Keswa optree in die soortgelyke sake, u het haar ook, lei ek af, nooit in kennis gestel nie.

MNR PEENS: Ek het dit nooi nodig geag nie. U weet Keswa het erken dat hy duisende mense, oor 'n duisend mense, doodgemaak het. Het hulle regte gehad, het hulle reg gehad om hulle prokureurs te kontak voor hy hulle doodgeskiet het.

ADV STEENKAMP: Hy het 'n reg gehad meneer.

MNR PEENS: Hy het 'n reg gehad, ja.

ADV STEENKAMP: En het u hom ooit ingelig?

MNR PEENS: Ek het.

ADV STEENKAMP: Het u ooit vir - en wat het hy gesê, hy wil nie mev van der Westhuizen sien nie?

MNR PEENS: Keswa het gesê nou, hy wil klaarmaak, hy wil skoonmaak, hy is moeg.

ADV STEENKAMP: Is dit nie dan presies hoekom u hom moet vat vir uitwysing, of aan 'n offisier oorhandig of aan 'n landdros moet oorhandig nie, of selfs sy prokureur moet in kennis stel, hierdie persoon gaan hom inkrimineer.

MNR PEENS: As Keswa vir my die moordwapens gaan uithaal het, was daar geen hof wat sou kon bevind het Keswa het nie geweet van die moorde nie. Dit is waaroor dit vir my gegaan het.

MNR KILLIAN: Waarop baseer u dit? Waarop baseer u dit?

MNR PEENS: Dit was waarheen ek op pad was.

MNR KILLIAN: Al sou hy die moordwapen gaan uitwys het, ...

MNR PEENS: Moordwapens.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR KILLIAN: Of wapens, verbind dit hom met die misdaad?

MNR PEENS: Natuurlik ja.

MNR KILLIAN: By wyse van wat?

MNR PEENS: Ooggetuies.

MNR KILLIAN: Nee, by wyse van u getuienis?

MNR PEENS: My getuienis dat hy die "gunne" vir my uitgewys het.

MNR KILLIAN: Jy, wat ontoelaatbaar is?

ADV STEENKAMP: En dit het u geweet. Jy het dit geweet mnr Peens.

MNR PEENS: Ek dink julle is besig om die hele regstelsel hier te herskryf as ek ...

MNR KILLIAN: Nee, ons hersien hom nie, ons noem vir u die regstelsel wat u verkrag het.

MNR PEENS: Ek, ekskuus?

MNR KILLIAN: Ja, u het dit verkrag. U het die regstelsel verkrag toe u hierdie metode van ondersoek gaan toepas het.

MNR PEENS: Doen my 'n guns. Dit wat u nou vir my sê, kom sê dit vir my net buite hierdie deur.

VOORSITTER: Mnr Peens, laat ons dit - mnr Killian, u moet asseblief u vrae...

MNR PEENS: Mnr Killian raak persoonlik..

MNR PEENS: Mnr die Voorsitter, hy beskuldig my dat ek ...

VOORSITTER: Nee, nee, die punt - ek dink u hoor mekaar verkeerd. Wat mnr Killian vir u sê is, u sê u dra kennis van hierdie regtersreëls oor optrede?

MNR PEENS: Ja, dit is korrek.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

VOORSITTER: U weet die regtersreëls sê dat die versameling van inligting, die uitwys aan 'n nie-offisier staan buite daardie reëls.

MNR PEENS: Van 'n toneel, ja, maar die uitwys van 'n bewysstuk, daar is nie 'n manier wat 'n beskuldigde in 'n hof verby dit kan kom nie.

Ek het ondervinding daarvan.

VOORSITTER: Is dit u antwoord, want ek dink dit is die vraag.

MNR VAN RENSBURG: Mnr Peens, u het ook netnou genoem dat dit was nie die eerste keer dat so 'n tipe voorval gebeur het waar u alleen saam met 'n getuie 'n verklaring van hom bekom het, waar hy homself impliseer nie, dit het al voorheen gebeur.

Nou ek wil graag vir u gedeeltes hier aanhaal uit 'n vorige uitspraak van 'n hooggeregshof regter. Hy sê hierso "before I move to more particular critisisms of the evidence - en as hy praat van "the evidence", praat hy van u getuienis en ek dink konstabel Marais se getuienis - "let me state the more general critical view we take of the evidence of this pair. We believe the false impression sought to be created was that Peens worked alone at the critical time. And the compliment of this that Marais for all practical purposes had nothing to do with the case. These two of course are the ones mainly implicated by the defence as the torturers. Before going further, it is convenient to refer what the courts have said about the questions being taken before police officers rather than a magistrate".

Dra u kennis van hierdie gedeelte van die uitspraak?

MNR PEENS: Ek het nie geluister daarna nie.

MNR VAN RENSBURG: Het u bevelvoerder u na die tyd ingelig van wat die regter gesê het van u optrede?



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR PEENS: Nee.

MNR VAN RENSBURG: Nie? Goed. Het u bevelvoerder u ooit na die tyd ingelig wat een van die groot kritiek teen u was in verband met hierdie sogenaamde "night vigil massacre"?

MNR PEENS: Nee.

MNR VAN RENSBURG: Het hy u nooit ingelig oor die kritiek teenoor u nie?

MNR PEENS: Nee.

MNR VAN RENSBURG: U dra nie kennis daarvan nie en u was ook nie by toe die uitspraak gelewer is nie?

MNR PEENS: Nee.

MNR VAN RENSBURG: Niemand het ooit na die tyd vir u daarvan vertel nie?

MNR PEENS: Nee.

MNR VAN RENSBURG: U het netnou self gesê as hierdie persoon in daardie stadium vasgetrek is, sou duisende lewens gespaar gewees het. Het u nie belanggestel om te hoor hoekom hulle vrygespreek is nie?

MNR PEENS: Ek het die saak nie ondersoek nie. Ek was op daardie stadium met die Moord en Roof eenheid. Ek het genoeg kopsere op my hande gehad.

MNR VAN RENSBURG: Ja, tog was u die enigste persoon wat, ek dink 'n stuk of agtien of sewentien verdagtes aanvanklik dwarsdeur die nag ondervra het by daardie saak?

MNR PEENS: Dit is korrek.

MNR VAN RENSBURG: So u het definitief 'n noue kontak gehad, u was die persoon aan wie hulle hulle verhale vertel het waar hulle hulself impliseer het in die massa moord. Het u nie na die tyd belanggestel om uit te vind wat gebeur het nie?



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR PEENS: Nee.

MNR VAN RENSBURG: Glad nie? Tog hou u dit aan ons voor dat indien hulle op daardie stadium vasgetrek is, sou daar nie soveel bloedvergieting in die Vaal Driehoek gewees het nie.

Soveel so dat u later self gevra het dat u moet aangestel word dat u die sake teen hulle ondersoek?

MNR PEENS: Ja.

MNR VAN RENSBURG: Ek vind dit nogal moeilik om te begryp wat u nou aan my sê, kan u dit net vir my verduidelik hoekom u nie belanggestel het op die stadium en toe later wel toe belanggestel het?

MNR PEENS: Dit was my eie besluit gewees.

MNR VAN RENSBURG: Het u besluit om nie belang te stel nie?

MNR PEENS: Ja.

MNR VAN RENSBURG: Goed. Nou kom ek gaan net 'n bietjie, ek wil net 'n bietjie verder aanhaal wat die regter gesê het, hy sê "however, this may be, let me return to Peens' account. He would have us believe that in this case of awful proportions, even in the South African history of bloodshed and with political parties and political headquarters applying pressure, he at the time a mere Constable was assigned the role and exclusive duty of screening some 18 suspects with the right to allow summarily release and all this past the middle of the night, until he had interviewed and classified all 18 suspects without any aid whatsoever, not of an interpreter, not of a senior Officer and they were present at that hour, so he tells us. Not of (indistinct), not of anybody at all. For the urgency of the need to conclude the business as I have observed already, two distinct reasons have been



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

given ..." en dan gaan die regter voor, ek gaan nou nie meer verder daaruit aanhaal nie.

Het u die koerantberigte gelees na hierdie saak?

MNR PEENS: Ek het gekyk daarna.

MNR VAN RENSBURG: En wat het die mense gesê, wat was die koerantberigte se ...

MNR PEENS: Hulle het gesê die mense is onskuldig as ek reg onthou, ek kan nie onthou nie.

MNR VAN RENSBURG: As gevolg van die regte ...

MNR PEENS: As gevolg van 'n weerspreking in my en Marais se getuienis, ja.

MNR VAN RENSBURG: Die pers het ook groot gewag daarvan gemaak dat as gevolg van die regter se uitsprake van die swak polisie ondersoek dat hierdie mense vry uitgegaan het.

MNR PEENS: Ek het nie die saak ondersoek nie. Ek het net ondervragings gedoen.

MNR VAN RENSBURG: Goed, nou wil ek terugkeer na Keswa toe. U was toe hier twee en 'n half jaar vantevore. U sê u kan nie onthou presies hoe lank dit gevat het om by die hospitaal, maar u sê u het gejaag.

Kan u onthou min of meer hoe vinnig u gery het? Vinniger as 120 km per uur?

MNR PEENS: Sê 180.

MNR VAN RENSBURG: 180? So u het vinnig gery?

MNR PEENS: Ja, ek het gejaag.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR VAN RENSBURG: En dit was net 30 kilometer min of meer, u kan nie presies onthou nie.

MNR PEENS: Ek weet nie.

MNR VAN RENSBURG: Maar dit kon toe nie te lank geneem het nie?

MNR PEENS: Ek weet nie, dit is hoekom ek sê, jy weet, gaan radiobeheer toe, gaan kyk na hulle rekords.

MNR VAN RENSBURG: U stop toe daar voor die noodgevalle ingang, of watter ingang van die hospitaal?

MNR PEENS: Ek het reg voor die hospitaal stilgehou, en ek dink as jy nou teruggaan soontoe, sal jy nog my bande merke sien daar.

MNR VAN RENSBURG: So die bande het geskree toe u stilgehou het?

MNR PEENS: Ja.

MNR VAN RENSBURG: Goed. Het u toe uitgespring en ingehardloop, mense geroep om vir Keswa te kom haal of wat?

MNR PEENS: 'n Suster het my by die deur gekry.

MNR VAN RENSBURG: by die deur?

MNR PEENS: Ja.

MNR VAN RENSBURG: Is dit die suster waarna advokaat Steenkamp verwys?

MNR PEENS: Ek weet nie wie sy is nie, ek het haar nie gevra nie. Ek het haar nie goeie oggend gesoen of wat nie.

MNR VAN RENSBURG: Ja.

MNR PEENS: Ek het net gesê hier is 'n man wat siek is, kyk na hom.

MNR VAN RENSBURG: Goed, het u toe vir - wie het toe vir Keswa daar uitgedra? Het die personeel van die hospitaal hom toe daar uitgedra?



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR PEENS: Ons het 'n trollie gekry en hom ingestoot.

MNR VAN RENSBURG: Ingestoot? Het u hom toe op die trollie getel?

MNR PEENS: Ons het hom opgetel.

MNR VAN RENSBURG: Al drie van julle?

MNR PEENS: Die suster was daar en as ek reg onthou, was daar - ek kan nie onthou nie, "yes", daar was ander mense ook by.

MNR VAN RENSBURG: U sê hy het agter u gesit, regs agter in die motor?

MNR PEENS: Ja.

MNR VAN RENSBURG: En u het hom uit die kar uit gedra tot op die trollie wat in die hospitaal was of was die trollie buitekant?

MNR PEENS: Ek kan nie onthou nie.

MNR VAN RENSBURG: So u kan nie onthou of die trollie buitekant toe gebring is of nie?

MNR PEENS: Nee, "obvious" was die trollie seker buite gewees, langs die kant ...

MNR VAN RENSBURG: En het u deelgeneem aan die dra van Keswa?

MNR PEENS: Ja. Ek glo so.

MNR VAN RENSBURG: Maar u kan nie onthou nie?

MNR PEENS: Ek sê ek glo so.

MNR VAN RENSBURG: En op die stadium, was u nog onder die indruk dat hy gelewe het?

MNR PEENS: Wel, ek het gehoop hy leef. Soos ek sê ek was nie 'n mediese dokter gewees om te sê die man is dood of hy leef nog nie.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR VAN RENSBURG: Ek neem aan u sou gehoop het hy sou geleef het, maar ek vra op die stadium, was u indruk gewees dat hy nog geleef het, of het u dalk gedink hy is dalk dood?

MNR PEENS: Ek het geglo hy leef.

MNR VAN RENSBURG: Hoeveel minute vantevore het hy aan u toe gesê dat hy nou nie so goed voel nie?

MNR PEENS: Reeds daardie vraag gevra - ek weet nie.

MNR VAN RENSBURG: Ek het nog nie aan u die vraag gevra nie, hoeveel minute vantevore het hy aan u meegedeel ...

MNR PEENS: Vir my gesê dat hy sleg voel?

MNR VAN RENSBURG: Ja.

MNR PEENS: Maar dit is dieselfde vraag wat u vir my gesê het, hoe lank het ek hospitaal toe gery, ek weet nie.

MNR VAN RENSBURG: Goed. En toe u laai hom toe daar op die trollie, wie het u gehelp om hom te dra?

MNR PEENS: Ek weet daar was 'n suster, ek weet nie wie was almal by nie.

MNR VAN RENSBURG: En u het hom toe binnekant toe ingestoot? Op watter stadium het die suster aan u meegedeel dat die persoon dood is?

MNR PEENS: Daar het 'n dokter gekom, wie hy is weet ek nie, toe sê ek kyk na die man, ondersoek hom, toe sê hy vir my maar die man is dood, wat help dit ek kyk na hom.

MNR VAN RENSBURG: So die dokter was die eerste persoon wat u ingelig het dat hy dood is?

MNR PEENS: Dit is reg.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR VAN RENSBURG: Was die dokter dadelik byderhand of ...

MNR PEENS: Ek weet nie, ek het daar op 'n bank gaan sit. Ek weet nie wat daar binne gebeur het nie.

MNR VAN RENSBURG: So nadat u vir Keswa op die trollie gelaai het, het u op 'n bank gaan sit?

MNR PEENS: Die mediese personeel het oorgeneem, ek is nie 'n dokter nie, ek kan nie help nie.

MNR VAN RENSBURG: Ja, maar met ander woorde u het op 'n bank gaan sit?

MNR PEENS: Ja.

MNR VAN RENSBURG: En was Claassen en Claase op die stadium?

MNR PEENS: By my.

MNR VAN RENSBURG: Op hierdie bank, so hulle het ook dadelik op die bank gaan sit?

MNR PEENS: Langs my.

MNR VAN RENSBURG: Goed, het u met enigeen van die personeel daar gepraat toe?

MNR PEENS: Nee.

MNR VAN RENSBURG: Glad nie?

MNR PEENS: Nee.

MNR VAN RENSBURG: En toe kom sê die dokter, toe deel hy u mee dat hy reeds dood is?

MNR PEENS: Ja.

MNR VAN RENSBURG: En wat was u reaksie daarop?

MNR PEENS: Wat was my reaksie?



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR VAN RENSBURG: Ja.

MNR PEENS: Ek het stilgebly.

MNR VAN RENSBURG: U het stilgebly?

MNR PEENS: Ja.

MNR VAN RENSBURG: Goed. Nou, toe Keswa uit die kar uitgelaai is, hoe was hy aangetrek?

MNR PEENS: Klere, 'n broek en 'n hemp, baadjie. Dit was koud.

MNR VAN RENSBURG: Het hy enigiets onder die baadjie aangehad, kon u sien of het u nie geweet?

MNR PEENS: Ek kan nie onthou nie.

MNR VAN RENSBURG: Het hy skoene aangehad?

MNR PEENS: Ja, seker.

MNR VAN RENSBURG: Hy was - was hy maklik om te dra, met ander woorde hy was nie styf nie? U sou toegee dat indien hy styf was, as "rigor mortis" ingetree het, dan sou u dit agtergekom het as u hom gedra het.

MNR PEENS: Natuurlik ja, dan is hy mos al lankal dood.

MNR VAN RENSBURG: Goed, maar dit was nie die geval nie?

MNR PEENS: Nee.

MNR VAN RENSBURG: Goed, baie dankie. U sê u weet nie of hy 'n hemp onder sy baadjie aangehad het nie?

MNR PEENS: Hy het 'n hemp aangehad en 'n baadjie, as ek reg onthou. Ek is nie seker nie.

MNR VAN RENSBURG: En skoene? En skoene het hy aangehad?

MNR PEENS: Ja.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR VAN RENSBURG: En kouse?

MNR PEENS: Ja, seker.

MNR VAN RENSBURG: Was dit sy volle kleredrag, alles wat hy aan hom gehad het?

MNR PEENS: Ek kan nie onthou nie?

MNR VAN RENSBURG: Was daar enigiets anders aan hom gewees?

MNR PEENS: Ek weet nie.

MNR VAN RENSBURG: Okay. Na u meegedeel is dat Keswa dood is ...

VOORSITTER: Ekskuus, kan ons 'n vyf minute breuk vat of gaan jy binnekort klaarmaak, wil jy aangaan? Kan ons net so 'n bietjie 'n breuk neem.

KOMMISSIE VERDAAG VIR VYF MINUTE - MET HERVATTING:

VOORSITTER: Laat ek net op rekord sit, dat ons het verskriklik baie getuie verklarings wat u op een of ander rede impliseer waar mense sê hulle is slagoffers van 'n marteling of wat ook al. Dit sal u nie verras as ek dit vir u sê nie.

Wanneer ons bevindings maak of ons uitvind iemand of ons besluit iemand is inderdaad 'n slagoffer van 'n growwe menseregte skending in terme van die wet, dan is ons ook verplig indien so 'n bevinding iemand negatief of nadelig kan beïnvloed wat 'n beweerde dader was van hierdie growwe menseregte skendings, om hom in kennis te stel, so u kan verwag om briewe van ons te kry wat ons vir u die verklaring stuur en waarin ons u kommentare vorentoe vra voordat ons tot finale bevindings kom oor die slagofferskap van diegene wat die verklaring maak in terme van ons wet, want hulle kwalifiseer vir herstel en vergoeding, wat ons ook al sou aanbeveel aan die regering en wat die regering uiteindelik sou besluit.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

So ons stel nie al die detail aan u nie, u sal genoeg tyd kry om daarop te reageer, maar ons is ook geregtig om te bevind dat iemand inderdaad die sogenaamde "perpetrator" was, die ene wat hierdie growwe menseregte skendings gepleeg het.

Dit is teen daardie agtergrond dat ek wil hê u moet besef dat hierdie ook belangrik is omdat op u getuienis hier, ons nie anders kan as om 'n indruk ook te vorm oor geloofwaardigheid nie.

En daarom sal 'n klomp van die vrae vir u ook waarskynlik vreemd geklink het nou. Die gevolge van ons beslissing is niks anders as die bevinding nie. Maar die prokureur-generaal kan optree op inligting wat uit ons ondersoeke kom, oor die hele spektrum, oor enigiets.

En ons is selfs geregtig om spesifiek aanbevelings te maak dat sekere dinge ondersoek word of dat vervolgings ingestel word en so meer.

Die doel in die eerste plek, soos u sou kon aflei, hoewel dit verwys na 'n klomp insidente, gaan dit hoofsaaklik om die Vaal Driehoek. En dit gaan om 'n verstaan van die geweld daar.

Ek wat nie betrokke is by die detail van hierdie navorsing nie, omdat ons 'n ondersoekeenheid het wat dit doen, kommissarisse moet as kommissie 'n bevinding op die ou einde maak.

En ons sal dit doen op basis van transkripsies, al die inligting wat voor ons is, maar ek en die kommissie het 'n behoefte om die konflik te verstaan, die breër verband van al die geweld, spesifiek ook in die Vaal Driehoek wat amper 'n soort van 'n venster van geweld is, nie net geografies nie, maar in 'n sin ook in sy aard.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Verskillende tipe geweld in Kwandebele, verskillende aard van die konflik. Dit is nou 'n lang storie wat ek vir u vertel, maar die indruk wat ek vanoggend van u kry is dat u sê al hierdie geweld in die Vaal Driehoek, spesifiek Vanderbijl draai om een persoon en 'n paar mense om hom, en dit is wat is sy naam, Keswa.

Dit is vir my bitter moeilik om te verstaan. U gee vir ons geen politieke dimensie nie, daar is geen dimensie in u storie oor enige polisie of derdemag betrokkenheid by hierdie nie en in die breër verband, het u nie enige bydrae te maak nie, of voel u regtig dat dit so 'n enkele gelokaliseerde rede was soos Keswa en die "gang"?

Wil u nie 'n bietjie met my daaroor gedagtes ...

MNR BOTHA: Mag ek voorstel dat ek net met my kliënt weer so drie minute praat, as dit geleë is vir 'n verdaging, net twee minute. Sodat ek iets met hom kan opneem, dan kyk ons, miskien kan ons die kommissie behulpsaam wees.

VOORSITTER: Ja, dit is goed. Ek sal vreeslik bly wees.

MNR BOTHA: Baie dankie.

VOORSITTER: Wil u die vertrek verlaat?

MNR BOTHA: Ja.

VOORSITTER: Hier is 'n kamertjie net hier om die draai.

KOMMISSIE VERDAAG VIR 'N PAAR MINUTE - MET HERVATTING:

MNR BOTHA: Ek het nou met my kliënt gekonsulteer vinnig. Ek het tydens konsultasie, het ons enkele moontlikhede opgeneem wat moontlikhede kan wees vir Victor Keswa se optrede kon veroorsaak het, die moontlikheid dat hy 'n instrument was.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Ek het nou vir my kliënt gesê dat hy so ver as moontlik daarop moet antwoord. In hoeverre hy kon agterkom dat hy moontlik 'n instrument was of betrokke was by 'n groep partye. Ek sal dan vir hom die geleentheid gee om die vraag in daardie opsig sover as moontlik te antwoord.

VOORSITTER: Baie dankie.

MNR PEENS: Meneer as ons kyk na die stelling die geweld in die Vaal Driehoek, ons kyk na Keswa. My ondersoek, tydens my ondersoek het ek sekere afleidings gemaak aan die einde van die dag, wat Keswa aanbetref is, wat my aanbetref, geen politiek betrokke gewees nie.

Hulle was 'n bende wat geopereer het, hulle kon hulp gehad het van die regses. As u vorentoe kyk in my verklaring, daar is (onduidelik) aan my oorhandig wat persoon wat hom voorgedoen het as 'n regse.

VOORSITTER: Praat u van Theunissen?

MNR PEENS: Dit is korrek, ja. Wat vir my gesê het Keswa is deur hulle opgelei. Dit kan wees dat hulle onder die IVP vaandel opgetree het. Ek kan dit nie ontken nie, maar my indrukke is dat hulle 'n bende was wat gemoor het, tekere gegaan het en genot geput het daaruit. Ek wil byvoeg, Keswa was dood die Saterdagoggend, die Vrydagnag, Saterdagoggend en sedert Keswa se dood was daar nog nooit weer 'n "drive by night shooting", daar was nog nooit weer 'n massa moord nie.

Dit was verby. Dit is al wat ek vir u kan sê.

VOORSITTER: Hoor ek u reg as u sê dat selfs op refleksie sien u hierdie as moontlike betrokkenheid van of die IVP of regses dan by Keswa en sy bende self om miskien van hulle politieke doelwitte vir hulle te bereik, maar dat u niks daar buite sien nie?



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR PEENS: As ek kyk na die getuienis wat ek ingewin het, na die mense met wie ek gepraat het, die beriggewers wat ek hanteer het, Keswa self, Maboti self, Clement Cindi, Hunter Ndlovo, ek kan hulle op strepe vir u opnoem, dit is mense wat in my, hulle het my vertrou. Hulle het met my gepraat, ek was bekend in die Vaal Driehoek, berug, wat ook al.

Hulle sal dit noem wat hulle wil, omdat ek was 'n harde werker, ek het dag en nag gewerk. Ek het 'n indruk gevorm en ek het besef dat dit gaan nie oor politiek nie. Hierdie ouens is 'n bende wat hande uitgeruk het en hulle het gedoen net wat hulle wou.

Almal was vir hulle bang.

VOORSITTER: Hoe lank het u vir hulle geken voor Keswa se dood?

MNR PEENS: Keswa ken ek al hier van die vroeë 1980's af. Weet ek van hom.

VOORSITTER: Vroeë 1980's?

MNR PEENS: Ja, 1983, 1984. Toe was hulle 'n bendetjie wat "petty crimes" gepleeg het. Karre ge-"hijack", ek meen niks wat in die koerante kom nie, vrouens ontvoer en verkrag, dit is mos nou nie ernstig nie. Dit is wat hulle gedoen het.

Toe het die gemeenskap hulle aangevat, hulle huise gebrand. Keswa ontvoer op 'n stadium, in 'n kar se kattebak gehad, hy het ontsnap, hy het toe nou weggekom en toe kom hulle terug, toe kap hulle die gemeenskap.

Dit is die indrukke, dit is wat ek kon agterkom.

VOORSITTER: U sê u het hulle dan 'n geruime tyd geken en hulle het geweet u is 'n harde werker en hulle het u vertrou?

MNR PEENS: Ja. Ja, ek glo so. Ek het baie Zulu's gearresteer vir 'n gewapende roof, ek meen dit was my rigting gewees.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

VOORSITTER: Nou in die tyd, veral 1990 tot 1993 tot Keswa se dood toe die geweld plaasgevind het, u sê in daardie tyd wat u heeltyd oortuig dat Keswa verantwoordelik is vir die geweld?

MNR PEENS: Ja, ek het geweet hy was.

VOORSITTER: Maar dit was nie u verantwoordelikheid om daar op te tree nie?

MNR PEENS: Ek kon seker opgetree het, maar ek het op daardie stadium gesit met ander dossiere, opsporings wat ek moes doen. Daar was net te veel gewees.

Ek het 'n sekere Brigadier Goosen gaan sien. Ek het vir hom gesê dit is waaroor dit gaan. Dit is afgelag.

VOORSITTER: Nou dit is eintlik die vraag wat ek wil by uitkom want u het die regses en die IVP genoem. As dit so aan u bekend was, hoekom sou dit nie ook aan van die ander ook bekend gewees het nie, en het u enige teorie oor hoekom daar nie opgetree is nie?

Ek probeer u regtig nie vasvra nie, ek probeer breër verstaan en kyk of daar 'n breër raamwerk is waarbinne ons daarna kan kyk, want wat u vir my sê is wel moontlik deel van die konflik soos dit uit ander inligting na ons kom.

Maar daar is definitief ook inligting wat na ons toe kom wat daarop dui, en ek wil nie eers sê dit is direk op getuienis nie, maar dit is getuienis van indiwidue wat sê dat ten minste van die polisie met die mense saamgewerk het. Geweet het hulle doen dit en nie teen hulle wou optree nie, en dat hulle hulle trouens gebruik het?

MNR PEENS: Dit is 'n moontlikheid wat ek nie kan uitsluit nie. As dit so is, kan ek nie eers kommentaar lewer daarop nie, dan is dit vir my nuus.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR BOTHA: Kan ek weer net so 'n paar woorde met my kliënt praat, ons sal sommer net hierso sit.

VOORSITTER: Ja, asseblief.

MASJIEN AFGESKAKEL - MET HERVATTING:

MNR BOTHA: Ek het nou weer kortliks, tydens konsultasie het my kliënt my meegedeel dat daar sekere redes is waarom sekere senior offisiere ensovoorts dit goed geag het dat hy uit die polisie gaan en dat dit moontlik van die redes kan wees waarom hy uit die polisie is.

Ek het hom nou versoek om miskien net daarop vir u meer in breë trekke in te lig oor wat daar gebeur het.

VOORSITTER: Gaan voort meneer.

MNR PEENS: Mnr die Voorsitter, ek gaan net verwys hier na my verklaring, paragraaf 18, paragraaf 19.

VOORSITTER: Vertel dit vir ons sonder om dit te lees asseblief, want ons kan daarna verwys.

MNR PEENS: Daar is druk op my geplaas van bo af. Ek het Brigadier Goosen gaan besoek, ek het aangedring om die generale staf te sien en hy wat Goosen is, het aan die einde van die dag vir my gesê die generaals weier om met my te praat, ek is 'n verleentheid vir die SAP.

En dit was een van my groot beweegredes gewees om 'n spesialis te gaan sien en medies af te gaan. Ek wou, aanvanklik wou ek bedank het. Ek het die oggend nog my pistool vir Goosen gegooi, my aanstellingsertifikaat en vir hom gesê julle is korrup en ek het uit sy kantoor uit gestap.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

En ek het nooit weer gaan werk nie, ek het vergeet van al hierdie goed. Ek het dit afgeskryf.

VOORSITTER: Hoekom het u vir hom gesê julle is korrup?

MNR PEENS: Omdat hy vir my reguit gesê het ek is 'n verleentheid, ek druk my neus in waar ek nie moet nie. Na aanleiding van hierdie ondersoeke van my, dit wat ek vir hom gesê het hoor hier, dit is waaroor dit gaan.

Ek het hulp nodig, nou het ek bystand nodig wat ek nooit gekry het nie.

VOORSITTER: Bystand om u te beskerm of bystand ...

MNR PEENS: Om voort te gaan met my ondersoeke, ek kon nie alleen nie.

MNR BOTHA: Miskien kan ek my kliënt net adviseer om miskien daarso te verwys na spesifiek op watter stadium van watter ondersoeke hy praat as hy praat van ek het toe die senior offisiere gaan sien.

MNR PEENS: Dit was na die oorhandiging van twee AK47's aan my deur 'n sekere persoon wat hom voorgedoen het as Chris Theunissen. Ek ken Theunissen nie, ek weet nie of dit hy was nie, dit kon hy gewees het.

Ek is die Vrydagmiddag, Vrydagnag Emangoose toe. Toe het ek die wapens daar ingehandig, die twee AK's. Ek het teruggekom die Sondagaand en die Maandagoggend, toe was ek in brigadier Goosen se kantoor. Toe gaan vra ek, hoor hier, ek sit nou in 'n krisis.

Ek wou nie vir hom sê waaroor die ondersoek spesifiek gaan nie. Maar in elk geval toe sê ek vir hom ek het bystand nodig, ek dink generaal - ek kan nie onthou wie die generaal was nie - ek wil 'n afspraak hê met hom en dit is toe geweier vir my en daar het ek besluit ek gee pad.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

VOORSITTER: Goed, ek het baie vrae in my gemoed oor die detail van die ondersoek. U wou nie vir hom gesê het waaroor die ondersoek gegaan het nie. Sê maar net vir my watter ondersoek praat u spesifiek van?

MNR PEENS: Spesifiek Keswa hulle, hulle bende bedrywighede.

VOORSITTER: Maar rondom die ...

MNR PEENS: Regse konnektasies.

VOORSITTER: Die twee AK47's, nou of ...

MNR PEENS: Ja.

VOORSITTER: En dit was nou by watter slagting was die?

MNR PEENS: Na bewering ...

VOORSITTER: Ja, die persoon wat gesê het hy is Chris Theunissen.

MNR PEENS: Dit het te doen met die Sebokeng, Boipatong slagtings.

VOORSITTER: Boipatong slagtings.

MNR PEENS: "Drive by night shootings".

ADV STEENKAMP: Kan ek miskien net hier 'n vraag vra wat ek nog altyd oor wonder. Waarom het u vir kaptein Van der Gryp saam met u geneem en hoekom het u die wapens wat u na bewering by Theunissen gekry het, na Noord-Natal, Emangoose toe gevat?

MNR PEENS: Ek was bang die wapens verdwyn, dit is hoekom. Van der Gryp was op daardie stadium my bevelvoerder, ek het hom baie kortliks ingelig, hy het nie presies geweet waaroor dit gaan nie.

ADV STEENKAMP: Hoekom het u nie maar dit by forensies gaan inhandig in Pretoria nie, en vir die bevelvoerder gesê hoor hier, ek het 'n bekommernis oor die wapens. Ek wil dit nie inhandig by die polisiestasie nie, die SAP13's of waar ook al



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

nie, ek gaan dit eerder maar daar inhandig by forensies, nou ry u Emangoose toe, 600, 700 kilometer, 'n klein polisiestasie naby die grens en ons almal weet dat Emangoose is 'n plek waar alle wapens versamel word, al die AK's.

MNR PEENS: Dit is reg.

ADV STEENKAMP: En daar gaan handig u nou die wapens in. Wapens wat na bewering hier, by 'n skietery hier gebruik is?

MNR PEENS: Omdat dit vir my, omdat Emangoose 'n versamelplek is van AK's, sou dit nie vreemd lyk as iemand twee AK's inhandig nie.

Met ander woorde niemand sal die massa slagtings, Keswa hulle by die AK's uitbring nie, dit is hoekom ek dit gedoen het.

ADV STEENKAMP: Ek verstaan dan u het eintlik u lewe gewy daaraan om hierdie groep op te spoor, die misdaad te stop en nou kry u miskien baie, baie belangrike bewysstukke wat hierdie moord, Boipatong moord wat ek dink nog nie heeltemal opgelos is nie, moontlik die inligting kan verder vat, nou vat u die Emangoose toe.

MNR PEENS: Daar is mense skuldig bevind op die Boipatong moorde. Mnr Steenkamp, ek kan u so antwoord, met Keswa se dood, voor enige iemand geweet het waaraan die man dood is, toe skors hulle my. Ek beskou myself as 'n top speurder, ek dink ek was van die bestes.

Maar toe word ek soos 'n hond weggejaag en geskop en getrap en ek word rondgejaag, en dit is waar my negatiwiteit vandaan gekom het. ... (band eindig) ... kan ek vuil taal gebruik, besluit het "fuck" julle, ek loop.

ADV STEENKAMP: Miskien net twee vrae. Hoekom het u nie vir mnr Theunissen gesê hoor hierso, gaan gee die wapens self in nie, een ding, en twee is



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

daar 'n eis ingesit van die AK self, is daar R6 000-00 geëis vir die wapen? Is informant fooie geëis?

MNR PEENS: Ek dink hy is 'n paar rand uitbetaal, ek weet nie hoeveel nie.

ADV STEENKAMP: Het u die eis ingesit?

MNR PEENS: Vir die AK's.

ADV STEENKAMP: Het u die eis vir die AK's ingesit?

MNR PEENS: Ek het die eis ingesit, maar ek het hom nie uitbetaal nie. Van der Gryp het hom uitbetaal.

ADV STEENKAMP: Van der Gryp uitbetaal? Hoeveel rand was dit, R12 000-00?

MNR PEENS: Ek weet nie. Nee.

ADV STEENKAMP: Dit was normaalweg R6 000-00 vir 'n AK.

MNR PEENS: Weet jy as ek terugdink, ek het geëis vir hom, ek dink hy het R6 000-00 gekry vir die AK's, wat goedgekeur was. Ek kan nie onthou nie, soos ek sê ek het daardie eis nie gaan uitbetaal nie.

MNR KILLIAN: Kan ek net hier inkom. Op 'n stadium was dit aanvanklik R6 000-00 per AK, nè?

MNR PEENS: Dit is korrek.

MNR KILLIAN: Maar toe het daar 'n korreksie gekom na 'n rukkie en gesê nee hier word te veel geld uitbetaal. Onder andere is daar toe ook 'n sekere polisie verbintenis by sindikate ontdek waar die eise toe vir een beriggewer tot by R240 000-00 beloop het en toe het hulle gesê nee, dit moet nou hersien word en 'n persoon moet nou betaal word pro rata met vir wat hy gedoen het om die wapen op te spoor.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

So u is nou nie seker of dit die ou globale bedrag was wat toegestaan was, die R6 000-00 of 'n mindere bedrag op daardie stadium nie?

MNR PEENS: Ja, ek kan nie onthou nie.

ADV STEENKAMP: Kan ek net vir u vra, mnr Theunissen, was hy 'n beriggewer gewees?

MNR PEENS: Ek het probeer om hom te werf.

ADV STEENKAMP: Ek sien u het R8 000-00 vir hom geëis. Uiteindelik is R5 000-00 goedgekeur.

MNR PEENS: Ek kan nie onthou nie.

VOORSITTER: Mnr Van Rensburg het net vir my hier uitgewys, iets in 'n verklaring wat ek dink hy tog net met u moet verder neem.

MNR VAN RENSBURG: In 'n verklaring wat u gegee het in verband met die eis vir, en u dink hom V25, ek dink dit was die beriggewerskode?

MNR PEENS: Ja, daar is nommers toegeken aan ...

MNR VAN RENSBURG: Ja, mnr Theunissen. In die spesifieke verklaring van u meld u die omstandighede waar ...

MNR PEENS: Kan ek net kyk daarna?

VOORSITTER: Ja, kyk maar daarna asseblief.

MNR VAN RENSBURG: Meld u die omstandighede waaronder hierdie wapens bekom is en hoekom hierdie eis uitbetaal moet word. Nou volgens daardie verklaring het die beriggewer reeds vertrek na Noord-Natal en het u die wapens daar by hom bekom.

U sê nou aan ons dat u die wapens reeds in - nie in die Vaal Driehoek nie, maar daar êrens in daardie omgewing, bekom het en toe die wapens gevat het na



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Noord-Natal toe. Kan u asseblief vir ons verduidelik hoekom het u dan in daardie verklaring 'n ander weergawe gegee?

VOORSITTER: Kan ek, voordat u antwoord, vir u vra om net oor die feite te dink, want ek meen hier is twee teenstrydige weergawes, maar na u geheue, waar het u die wapens gekry, kan u onthou presies waar u dit gekry het? Ek bedoel nie in die verklaring nie, dink oor die feite mnr Peens.

Kan u die geval onthou? Kan u daardie wapens sien waar u dit vir die eerste keer gesien het? Kan u die plek onthou? Hoe onthou u dit?

MNR PEENS: Ek het dit ontvang.

VOORSITTER: Ja, waar het u dit ontvang?

MNR PEENS: Ek het dit gaan haal. In Vereniging. Ek weet nie, ek kan nie antwoord hierop nie.

VOORSITTER: Is dit u handtekening?

MNR PEENS: Dit is, ek het die verslag opgestel, ja. Laat ek mooi dink, ek was op daardie stadium in die proses om met die ou te werk.

Soos ek wel hier sê hy sou vir ons goud werd gewees het as hy sy kant gebring het. Hierdie eis is ingesit ek dink nadat ek al weg is.

VOORSITTER: Wat is die datum daar van die ...

MNR PEENS: 28-06. Wanneer is Keswa dood, of wanneer is die AK's ingehandig?

MNR KILLIAN: Is dit 'n vorm 175, SAP175 daardie of is dit net die motivering vir die eis?

MNR PEENS: Nee, hierdie is net my motivering.

MNR KILLIAN: Net die motivering?



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR PEENS: Net my motivering. Dit is niks vreemds nie. Enige ou wat 'n beriggewer wil werf en op daardie stadium het ek gedink Theunissen gaan vir ons baie beteken, so dit is niks vreemd dat ek 'n eis so motiveer om vir hierdie ou kontant in die sak te stop en te sê okay, gaan uit, gaan doen vir ons 'n "job" nie.

VOORSITTER: Dit verstaan ons, maar daardie verklaring dui daarop ...

MNR PEENS: Dit is nie 'n verklaring nie.

VOORSITTER: Nee, daardie inligting.

MNR PEENS: Dit is 'n verslag, ja.

VOORSITTER: Daardie verslag dui daarop dat u die gewere in Natal in ontvangs geneem het.

MNR PEENS: Dit is wat die verslag sê, ja. Dit is so.

VOORSITTER: Hoekom sou u dit gedoen het?

MNR PEENS: Dan kan daar nie vingers terugwys na jou man toe nie. Dit plaas wie ook al wat betrokke kan wees, op 'n dwaalspoor. Ek meen hier sit ek 'n eis in, ek het twee Ak's teruggekry, Emangoose, dit is ver van die Vaal Driehoek af, niemand in sy stoutste drome gaan dink maar hierdie goed kom uit die Vaal Driehoek uit nie.

Dit is maar waaroor dit gaan.

MNR KILLIAN: Maar daar is op daardie stadium toe u die eis ingedien het, is daar reeds 'n sekerheidsnommer toegeken aan hierdie besondere informant.

MNR PEENS: 'n Beriggewersnommer?

MNR KILLIAN: Ja?

MNR PEENS: Ja.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR KILLIAN: Dit is 'n beriggewersnommer wat eintlik te berde gekom het om die identiteit van 'n beriggewer geheim te hou.

MNR PEENS: Dit is reg ja. Dit is korrek, ja.

MNR KILLIAN: So al sou u hom by u kantoor ingedien het en dieselfde motivering ingedien het, sou die identiteit van die beriggewer slegs aan u bekend gewees het?

MNR PEENS: Ja.

MNR KILLIAN: So daar was geen ander motivering hoekom dit nou in Natal...

MNR PEENS: Nee, daar was. As ek my redes gegee het ...

MNR KILLIAN: Nee, dit is eintlik waar ons by wil uitkom. Wat was die rede hoekom u dit in Natal wou gaan inhandig en nie plaaslik in die Vaal Driehoek nie?

MNR PEENS: Ek was bang dit raak weg.

MNR KILLIAN: U antwoord my vraag, dit is al wat ek wou geweet het.

MNR PEENS: Seker.

ADV STEENKAMP: Kan ek net vir u vra, die beriggewerseis - wie het dit uitbetaal?

MNR PEENS: Ek kan nie onthou nie, ek dink Van der Gryp het hom gaan betaal. Ek kan nie onthou nie.

ADV STEENKAMP: Was u by toe hy uitbetaal is?

MNR PEENS: Nee, nee, ek was op daardie stadium klaar weg gewees.

ADV STEENKAMP: Is u seker daarvan?

MNR PEENS: Ja.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

ADV STEENKAMP: Want ek kan vir u afskrifte van Van der Gryp se verklaring gee waarin hy sê dat dit was by die Spur gewees en dat hy saam met u, dat u bymekaar was toe Chris Theunissen die bedrag geld uitbetaal is.

MNR PEENS: Nee. Daar is nie 'n manier nie.

ADV STEENKAMP: Nou hoekom sou, ek weet nie of u daarna wil kyk nie. Ek en sersant Peens was saam tydens uitbetaling van die beriggewerseis met betrekking tot die twee AK's. Die dag kan ek nie onthou nie, dit was te Spur restaurant, Meyerton. U kan daarna kyk as u wil.

MNR PEENS: (Onduidelik)

ADV STEENKAMP: Nou hoekom sou hy daaroor lieg?

MNR PEENS: Ons het Theunissen gesien die eerste keer in Sasolburg, dit is 'n restaurant. Daar het ek hom onthaal op Staatskoste.

Toe stel ek Van der Gryp voor aan hom. Toe het ek Theunissen weer gesien daarna in Vereniging iewers, ook in 'n restaurant en dit is die laaste wat ek hom gesien het.

ADV STEENKAMP: So u sê Van der Gryp vertel nie die waarheid nie.

MNR PEENS: In die Spur in Meyerton, daar was nie 'n manier nie. Ek het van my swart beriggewers baie onthaal daar, wat Van der Gryp by was op 'n geleentheid of twee, maar nie vir Theunissen nie.

ADV STEENKAMP: Het jy al voorheen met Theunissen gewerk?

MNR PEENS: Nee.

ADV STEENKAMP: Het u al voorheen met Theunissen gewerk?

MNR PEENS: Nee.

ADV STEENKAMP: Is u seker?



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR PEENS: Nee, hy het my gekontak.

ADV STEENKAMP: Was dit die enigste en die laaste keer gewees?

MNR PEENS: Die eerste, die enigste, die laaste, behalwe na die AK's het ek 'n klomp springstof ook by hom gekry.

ADV STEENKAMP: Ek dink as u kyk na die verslag wat mnr Malan aan u getoon het, sal u sien, ek dink op die tweede bladsy sê u daar in die verslag dat hy op 'n gereelde basis inligting verskaf het?

MNR PEENS: Ja. Ja. Hy het vir my 'n klomp springstof ook uitgehaal.

ADV STEENKAMP: Maar ek het u nou net gevra was dit die enigste geleentheid gewees?

U sien die rede hoekom ek u hierdie vraag vra of Van der Gryp by was, want ek wou van u weet of die beriggewer inderwaarheid die klomp geld betaal is?

MNR PEENS: Ek weet nie, dit sal Van der Gryp vir jou moet sê.

MNR VAN RENSBURG: Mnr Peens, u verwys na hoe belangrik hierdie beriggewer van u was. Wat was die kenmerke van hierdie beriggewer, Chris Theunissen, wat was sy posisie of so dat hy belangrike persoon was?

MNR PEENS: Hy was ultra-regs, ek praat maar na aanleiding van wat ek in Rapport gelees het oor hom, met Keswa se dood, dat hy 'n ultra-regse is en dat hy 'n senior posisie beklee in die regse geledere.

En dit is hoekom ek hom basies pamperlang het omdat ek gedink het ek kan inskakel daar.

MNR VAN RENSBURG: Maar hy is ook 'n besigheidsman in die Vaal Driehoek?

MNR PEENS: Ek verstaan so, ja.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR VAN RENSBURG: As u praat nou van hy was ingeskakel by die ultra-regses, het u enige informasie gehad waar, by watter ultra-regses, waar het hy ingeskakel?

MNR PEENS: Nee, dit is wat ek probeer uitvind het. Dit is waarop my hele ondersoek gebaseer was.

MNR VAN RENSBURG: Maar hy was u informant gewees, hy het gereeld aan u informasie verskaf.

MNR PEENS: Ek het hom probeer werf. Dit is wat in die verslag staan. Ek sê 'n mens moet jou nie steur aan so 'n verslag nie, so 'n verslag pamperlang jy en dokter hom om vir hierdie ou kontant in sy sak te kry om hom aan jou kant te kry.

So moet jou nie steur aan wat hier staan nie, dit is ...

MNR VAN RENSBURG: Goed, nou het mnr Theunissen enige verbintenis gehad met die IVP waarvan u geweet het?

MNR PEENS: Nee.

MNR VAN RENSBURG: Glad nie?

MNR PEENS: Nee.

MNR VAN RENSBURG: Goed. U sê behalwe vir hierdie voorval was daar nog 'n voorval gewees waar u 'n eis aan hom uitbetaal het?

MNR PEENS: Ekskuus tog?

MNR VAN RENSBURG: U sê behalwe vir hierdie spesifieke voorval met die gewere was daar nog 'n voorval waar u 'n eis aan hom uitbetaal het?

MNR PEENS: Ja.

MNR VAN RENSBURG: En dit is?

MNR PEENS: Nie wat ek aan hom uitbetaal het nie, maar ek het geëis vir hom.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR VAN RENSBURG: Ja.

MNR PEENS: Dit is, ek het springstof by hom gekry. Dit is 'n bom wat hulle sou gaan plant het op 'n kol en toe het hy die ding aan my oorhandig.

MNR VAN RENSBURG: En kan u vir ons meer vertel rondom die gebeure, wat spesifiek was die gebeure daar?

MNR PEENS: Wel, hy het my gebel die oggend, toe sê hy net, hoor hier, ek het 'n pakket vir jou, toe sê ek wat, toe sê hy wel, hulle gaan iemand opblaas met dit.

Ek het hom gekry op die Heidelberg/Johannesburg pad, toe het hy die pakket vir my in my kar gesit. Ek het 'n week met die ding rondgery, toe kry ek 'n springstof ou om te kyk daarna.

Toe het hulle my kar weggesleep en die ding uitgehaal en hom onskadelik gestel. Toe was dit 'n tuisgemaakte bom.

MNR VAN RENSBURG: Watse tipe, hoe het die bom gelyk as u hom kan beskryf?

MNR PEENS: Ek weet nie, ek het nie gekyk nie. Ek het my agterent afgeskrik toe ek sien wat dit is, of toe hulle vir my sê wat dit is.

MNR VAN RENSBURG: En wat het hulle aan u gesê wat is dit?

MNR PEENS: Hulle het net gesê die ding is so onstabiel, hy kan enige oomblik afgaan en dan is my kar weg. Toe het hulle my kar weggesleep en die ding uitgehaal en hom onskadelik gestel.

MNR VAN RENSBURG: U het nooit navraag gedoen oor die aard van die bom, hoe hy gelyk het?

MNR PEENS: Ja, ja, dit was kommersiële springstof.

MNR VAN RENSBURG: Ja, net kommersiële springstof?



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR PEENS: Ja. In 'n oliekan of in 'n olieblik, of wat ook al.

MNR VAN RENSBURG: In 'n olieblik?

MNR PEENS: Ja.

MNR VAN RENSBURG: En die ontstekingsmeganisme, het u ooit daarna gekyk of daarna verneem?

MNR PEENS: Nee, ek het nie eers gekyk nie. Daar is seker beter maniere om dood te gaan as om na sulke goed te gaan kyk.

Nee, ek het nooit gekyk daarna nie.

ADV STEENKAMP: Kan ek net vir u vra waar het die inligting vandaan gekom of die bewering dan, wat ek nou op verskeie plekke gehoor en gelees het dat daardie wapens betrokke was by die Boipatong slagting, waar het dit vandaan gekom?

MNR PEENS: Van Theunissen af of die persoon wat hom voordoen as Theunissen.

ADV STEENKAMP: En het Theunissen gesê dit is die wapens wat in die Boipatong slagting gebruik is?

MNR PEENS: Dit is wat hy vir my gesê het, ja.

ADV STEENKAMP: En wat het u met daardie inligting gemaak? Ek sien dit kom nêrens in die verslae voor nie?

MNR PEENS: Nee, ek het dit vir myself gehou. My ondersoek was te sensitief op daardie stadium.

ADV STEENKAMP: En het u dit na dese, nadat u uit is na die polisie toe teruggegaan en gesê hoor hier, daardie twee wapens moenie vernietig word nie, dit is bewysstukke daardie. Het u dit nooit vir hulle gesê nie?

MNR PEENS: Nee, ek het nadat ek doodsdreigemente gekry het, het ek Rapport gekontak. Toe onthou ek daarvan en toe besluit ek, ek is nou "fed up" hiervoor.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

VOORSITTER: Kan ons net, u onthou die geval van Daniël Maboti of wat sy volle name ook al was, sy dood?

MNR PEENS: Dit is korrek.

VOORSITTER: Skets vir my 'n bietjie daardie, ek het net opsommings gelees, maar dat ek net hoor uit u geheue uit wat het daar gebeur?

MNR PEENS: Wel, wat daar gebeur het, ek het begin werk, ek was geskors gewees na Keswa se dood. En 'n week nadat ek begin werk het, was Maboti en nog drie ander, ek kan nou nie hulle name onthou nie, in Pretoria het hulle verskyn daar in die hooggeregshof.

Ek het die oggend 'n instruksie gekry, dit was 'n Vrydagoggend om hulle te gaan haal en deur te bring Vereniging toe vir uitkenningsparades.

VOORSITTER: By wie het jy die instruksie gekry?

MNR PEENS: Kaptein Havenga. Herman Havenga. Ek si toe deur Pretoria toe, ons is met twee karre deur. By Sentraal, by die hof, die nuwe hof, die hooggeregshof het hulle geweier om saam met my uit te gaan, dit is nou Maboti en die drie ander, hulle het 'n keel opgesit en gesê hulle gaan nie saam met my nie.

Ek het dit toe daar gelaat. Ek het brigadier Van Niekerk geskakel en vir hom gevra wat moet ek doen. Toe het brigadier Van Niekerk vir my gesê Pedro, daardie mense moet hier kom. Ons sit met, ek dink hy het daardie tyd 'n getal genoem van oor 100 getuies, wat die uitkenningsparade moet bywoon.

Toe sê ek vir hom, brigadier goed, ek gaan kyk wat ek kan doen. Hulle het geweier om uit die hofselle uit te kom, die personeel daar het vir my kom vra moet hulle geweld toepas of wat, toe sê ek los die mense, ek sal met hulle praat. Hulle het geweier om met my te praat.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Hulle is vandaar af vervoer gevangenis toe. Daar het ek die hoof van die gevangenis, Pretoria Sentraal gaan sien. Ek het hom gekontak by sy huis, hy het my kom sien, toe sê ek vir hom, dit is my probleem, ek dink dit was hier agtuur die aand.

En hy het toe self met Maboti hulle gaan praat toe sê hulle nee, maar okay, ons sal saamry, maar ons ry nie saam met Peens in 'n kar nie, toe sê ek vir hulle okay goed, om die vrede te bewaar, ry in die kar voor my. Al vier van julle, maar ek ry kort agter julle.

Sersant Van der Skuyf en nog 'n polisieman was in die kar voor my, ek het hulle wapens gevat en vir hulle gesê okay "boys" ons is kort agter julle, so as hulle iets probeer, ek meen dit is vier teen twee.

VOORSITTER: Van der Vyver se wapens gevat?

MNR PEENS: Van der Skuyf?

VOORSITTER: Van der Skuyf, sersant?

MNR PEENS: In Alberton, waar jy op die R26 klim, die eerste skerp draai, die eerste waar ons moes spoed verminder het, het dit vir my gelyk of daar 'n baadjie uit die kar uit voor waai en wel, ek het half aan die slaap gesit, ek was in die passasiers sitplek, toe hoor ek net 'n slag, toe besef het, toe het Maboti uit die kar uitgeklim, toe val hy op sy kop.

Toe het ek radiobeheer gekontak, 'n ambulans uitgekry, hy is toe opgeneem in die hospitaal, waar ek 'n dokter gesien het, dit was 'n buitelandse dokter. Ek het vir hom gesê die man het breinskade, hy het breinbeserings, hy het op sy kop geval, maar die dokter het vir my gesê die man makeer niks - ons hou hom vir observasie vir die nag.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Die Saterdagoggend is ek in kennis gestel hy is dood. Dit is al wat ek van Maboti kan sê.

VOORSITTER: U het nie bestuur nie?

MNR PEENS: Ek het nie bestuur nie.

VOORSITTER: U het gedink dit is 'n baadjie wat uitval?

MNR PEENS: Dit het vir my gelyk soos 'n baadjie. Die eerste, toe ek so kyk, was my eerste indruk gewees dit is 'n - toe dog ek hoekom gooi hulle 'n baadjie uit die kar uit. Toe sien ek hy "tilt", toe val hy uit die kar uit en toe is ons oor sy bene. Toe besef ek maar dit is nie 'n baadjie nie, dit is 'n mens wat daar uitgekom het.

MNR VAN RENSBURG: Ek wil u net vra, u sê u was eers na die hooggeregshof toe gewees waar u gevra het dat hulle saam met u moet gaan?

MNR PEENS: Dit is korrek.

MNR VAN RENSBURG: Het regter Smit op enige stadium 'n bevinding gemaak dat hierdie mense nie saam met u moet gaan nie?

MNR PEENS: Nee.

MNR VAN RENSBURG: Nie waarvan u weet, kennis dra nie? Goed, en u is toe Vereniging toe vir hierdie uitkenningsparade?

MNR PEENS: Dit is korrek.

MNR VAN RENSBURG: Na hierdie voorval, is daar toe voortgegaan met die uitkenningsparade met die res van die persone?

MNR PEENS: Ek weet nie.

MNR VAN RENSBURG: U weet nie? Ek neem aan die ander polisiemanne het die ander verdagtes toe verder geneem?

MNR PEENS: Dit is moontlik, ek weet nie wat van hulle geword het nie.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR VAN RENSBURG: Goed. In hoe 'n mate, hoe was u betrokke by hierdie spesifieke ondersoek op hierdie stadium?

MNR PEENS: Ek het die opsporings gedoen.

MNR VAN RENSBURG: U sê dit was net na u skorsing opgehef was?

MNR PEENS: Ja, ek het die opsporings gedoen. Ondervragings, getuies opgespoor.

MNR VAN RENSBURG: Goed. Ag jammer, daar is eintlik een ding wat ek nog wil vra. Een ding is vir my nie duidelik nie. Het Maboti kettings om sy hande en arms gehad toe hy uit die venster uitgeval het?

MNR PEENS: Nee.

MNR VAN RENSBURG: Hoekom nie?

MNR PEENS: Dit was vier mense in 'n klein karretjie en om hulle te boei sou bitter ongerieflik gewees het. Hulle was nie geboei nie.

MNR VAN RENSBURG: Was hulle geboei toe hulle uit die tronk uitgekom het?

MNR PEENS: Nee, ek het hulle glad nie geboei nie. Op hulle versoek, ek het vir hulle gesê okay, ek kom julle tegemoet, kom ons ry net dat ons by die uitkenningsparades kom. Maar ek het die kar se deure, die "kiddies locks" het ek opgesit, maar ek het hulle nie geboei nie.

Want ek weet nie as u boeie ken nie, as ek daardie mense geboei het op die voorgeskrewe wyse, sou hulle arms en hande potblou en geswel gewees het, dit sou te ongemaklik gewees het.

MNR KILLIAN: Die voorgeskrewe wyse was dat hulle hande agter hulle rûe geboei moes gewees het?



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR PEENS: Agter hulle rug, dit is korrek ja.

MNR VAN RENSBURG: U sê u is saam met Maboti na die hospitaal toe gewees?

MNR PEENS: Ja.

MNR VAN RENSBURG: Net u alleen?

MNR PEENS: Nee, nee, ek is agter die ambulans aan.

MNR VAN RENSBURG: Agter die ambulans aan? Goed. Was daar dalk 'n GO gehou op hierdie spesifieke voorval?

MNR PEENS: Ja.

MNR VAN RENSBURG: Wanneer het dit plaasgevind?

MNR PEENS: Ek kan nie die datum, laat ek net kyk, ek dink ons het die stukke hier. Daar is inteendeel, wat ek kan byvoeg, daar is 'n ondersoek ter plaatse ook gehou waar 'n man uit 'n kar uitgespring het op daardie draai en op matrasse geval het, deur hoofkantoor.

Dit is maar net ter inligting.

MNR VAN RENSBURG: Het u ooit getuig by hierdie GO?

MNR PEENS: Dit was 'n informele GO.

MNR VAN RENSBURG: 'n Informele GO?

MNR PEENS: Ek was daar gewees, ja.

MNR VAN RENSBURG: Maar u was dar?

MNR PEENS: Ja, maar ek het nie getuig nie.

MNR VAN RENSBURG: Goed. Dit is al wat ek wil vra.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

ADV STEENKAMP: As ons miskien kan aangaan na die volgende gevalle toe. Ons kyk na die dagvaarding. Die dood van Tsepo Lenqwati. As u miskien vir ons daar kan sê wat u weet daarvan?

MNR BOTHA: In daardie opsig, dit is vir ons onduidelik watter geval dit was. So ek het, ons is geheel en al onvoorbereid om daardie aanklag of die bewering van Tsepo Lenqwati. Indien daar net miskien meer inligting aan ons gegee kan word, kan ons gou kyk of ons nie daarop kan konsulteer nie, maar soos ek sê ons is nie vertroud met die identiteit van die persoon nie.

Daar is baie bewerings gemaak. Tsepo Lenqwati.

MNR VAN RENSBURG: As ek dalk mnr Peens se geheue kan verfris. U was saam met hierdie persoon uit op ondersoek gewees, dit is ook omstreeks middernag gewees waar daar na 'n onbekende sogenaamde soos hulle in Engels sê "a gunman" op u losgebrand het en hy toe doodgeskiet is, 17 skote, agter in 'n polisievoertuig. Ek dink dit was 'n minibus of 'n kombi of so gewees. Kan u die voorval onthou?

MNR BOTHA: Kan ek miskien net kort instruksies neem mnr die Voorsitter?

VOORSITTER: Ja, seker.

MASJIEN AFGESKAKEL - MET HERVATTING:

MNR BOTHA: Mnr die Voorsitter, my kliënt deel my mee dat hy inderdaad die voorval onthou. Soos ek te kenne gegee het, ons is nou geheel en al nie voorbereid om hierdie aangeleentheid nie. Mag ek vra dat hy miskien net oorstaan voorlopig, ons sal kyk as ons weer 'n langer verdaging vat, om te kyk of ons vinnig kan voorberei.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Daar is skynbaar 'n geregtelike doodsondersoek in die aangeleentheid gehou wat op informele wyse ook afgehandel is. Indien dit nodig geag word, sal ek u versoek dan later om moontlik my 'n geleentheid te gee om daardie stukke net deur te gaan ten einde my kliënt te adviseer op hierdie voorval.

VOORSITTER: Ek dink nie ons moet dit probeer uitstel vir 'n latere datum nie, kom ons laat dit oorstaan en dan kan ons 'n verdaging neem en dan kan u gesels en kyk wat u kan onthou.

MNR BOTHA: Soos u behaag.

ADV STEENKAMP: Kan ons miskien voortgaan na die volgende, die beweerde marteling of aanranding van Darkie Tsoko, Clement Cindi, Tsipfo Lecgosi en Hunter Ndlovo, punt nommer 4 daar.

MNR PEENS: Tsipfo Lecgosi ken ek nie eers nie, ek weet nie eers wie hy is nie. Clement Cindi, was ek aangekla, hy het nooit by die hof opgedaag nie, ek is vrygespreek daarop.

Darkie Tsoko, Hunter Ndlovo het ek nooit gemartel nie. Dit is nonsens.

MNR VAN RENSBURG: Mnr Peens, ek wil u net sê Tsipfo Lecgosi was een van daardie vier persone wat agter in daardie Golf gery het op pad Vereniging toe. So, u sou hom ken dink ek.

MNR PEENS: O, dit is moontlik. As ek hom sien, behoort ek hom te onthou.

MNR VAN RENSBURG: Ja, hy het my verseker dat hy wel u kan onthou. Ek dink al daardie vier name slaan maar eintlik op die hele situasie van Keswa wat ons netnou bespreek het.

Ek wil u terugneem na 12 Januarie 1990, dit is die "night vigil massacre" waar dit die eerste keer is dink ek, wat u in 'n ondersoekhoedanigheid met hulle te



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

doen gekry het, is ek reg as ek dit sê? Dit is die eerste keer dat u direk in 'n ondersoek ...

MNR PEENS: In 'n ondervragingshoedanigheid.

MNR VAN RENSBURG: Ja, maar in 'n spesifieke ondersoek met hulle te doen gehad het, was dit die eerste keer?

MNR PEENS: Wat ek direk met hulle ...?

MNR VAN RENSBURG: Ja?

MNR PEENS: Ja.

MNR VAN RENSBURG: Die sogenaamde "night vigil massacre" wat plaasgevind het, dit was 'n reaksie op, of dit was nie 'n reaksie nie, maar dit was voortvloeiend uit die moord op 'n ANC lid met die naam van Christopher Langalembe?

MNR PEENS: Dit is reg, ja.

MNR VAN RENSBURG: Daarvoor was Keswa ook aangekla saam met Maboti. Was u ooit betrokke by ondervragings of ondersoeke in verband met daardie voorval?

MNR PEENS: Nee.

MNR VAN RENSBURG: U was nooit daarby betrokke nie. U het netnou die geweld in die Vaal Driehoek toegeskryf aan hierdie bende, hetsy hulle nou gehelp is deur regses of so, maar hulle was die instrument in elk geval.

Ek het u vroeër gevra wat van die 1990's want u het aan my meegedeel daar was, ons weet daar was ook massa moorde in die 1990's, een of twee baie grotes?

MNR PEENS: Ja, dit was na hierdie begrafnis.

MNR VAN RENSBURG: Ja.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR PEENS: Kyk, van die begrafnis af, toe het Keswa nog in die B.B.H. gelê, toe is hy deur die maag geskiet. Ek het hom persoonlik hier kom besoek, en seker gemaak hy lê hier.

MNR KILLIAN: Die B.B.H. is Boksburg Benoni Hospitaal?

MNR PEENS: Dit is korrek, ja. Van daar af het ons die massa slagtings gehad. In daardie selfde tydperk is Keswa se huis gebrand, Kobega se huis is gebrand. Maboti se huis is gebrand. Hulle families is uitgeroei, hulle is uit die gebied uit verdryf.

MNR VAN RENSBURG: Die rede, een van die voorvalle op die dagvaarding wat u ook in die verklaring ingesluit het, is die 4 September 1990 massa moord wat voor hierdie insidente is.

Nou, op daardie geleentheid is 42 mense dood.

MNR PEENS: Nee, dit was die geveg die nag by die hostels, toe die Zulu's hulle goed wou gaan haal het.

MNR VAN RENSBURG: Ja, dit was voor die "night vigil massacre"?

MNR PEENS: Nee, ek is nie seker nie, ek kan nie onthou nie.

MNR VAN RENSBURG: Die een was 12 Januarie 1991, die "night vigil massacre", die 4 September 1990 voorval was 1990, dit was ...

MNR PEENS: Ja, dit was by die hostels.

MNR VAN RENSBURG: Ja. En dan was daar nog 'n ander groot voorval net voor dit, 22 Julie 1990 waar 27 persone dood is.

Daarna is daar nog 'n paar klein voorvalle waar 9 mense op 'n slag dood is in Augustus en November ...

MNR PEENS: Daar was baie.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR VAN RENSBURG: Ja, die punt wat ek probeer maak is, u skryf die geweld aan Keswa hulle toe.

MNR PEENS: Ja.

MNR VAN RENSBURG: Maar tog het u netnou gesê, of ek weet nie of u dit gesê het nie, miskien het ek u verkeerd verstaan, dat die geweld wat voor dit plaasgevind het, hulle nie by betrokke was nie. Was hulle ook daarby betrokke?

MNR PEENS: Ek praat van die geweld van die - soos ek sê u sit nou met datums en goed wat ek nie het nie.

MNR VAN RENSBURG: Ja.

MNR PEENS: Van die "night vigil", van daardie begrafnis af ...

MNR VAN RENSBURG: En na dit?

MNR PEENS: Van daar af, tot en met Keswa se dood.

MNR VAN RENSBURG: Nou vra ek voor dit, het u inligting gehad dat hulle voor dit dalk ook betrokke was?

MNR PEENS: Dat hulle misdade gepleeg het, ja. Voor dit het ons nie massa moorde gehad nie.

MNR VAN RENSBURG: Maar u het tog massa moorde gehad?

MNR PEENS: Nie slagtings nie.

MNR VAN RENSBURG: Die September 1990 een was 'n slagting, 42 mense is dood.

MNR PEENS: Maar meneer, wat ek vir u probeer sê is, van daardie insident af tot en met Keswa se dood ...

MNR VAN RENSBURG: U verstaan my verkeerd. Ek dink die insident waarvan u praat is 12 Januarie 1991.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR PEENS: Die "night vigil", nee, ek praat van die begrafnis.

MNR VAN RENSBURG: Ja, dit is 12 Januarie 1991.

MNR PEENS: Ja nee, kyk 1990 is die oggend wat die weermag, ja dit kan 'n ou nie toeskryf aan Keswa hulle nie.

MNR VAN RENSBURG: En daar is 'n hele paar insidente toe. Het u op enige tyd informasie gehad dat hulle ook daarby betrokke was of was die eerste keer wat ...(band eindig) ...

okay, ek kan nie praat van insident tot insident, 22 Julie 1990 was die eerste insident, 27 mense is doodgeskiet by die Sebokeng hostelle.

Dit was na die Inkatha gestig is in die Vaal Driehoek. Hulle het 'n groot optog gehou in die Everton stadium en toe terug beweeg na die hostelle en die geveg het toe uitgebreek rondom die Sebokeng hostelle.

Dit was die heel eerste groot insident.

MNR PEENS: Ja, maar dit was Zulu/Xhosa gewees.

MNR VAN RENSBURG: Goed, so u sê op daardie stadium het die polisie geen inligting gehad dat Keswa hulle betrokke is nie.

MNR PEENS: Ek kan nie onthou nie, ek was nie betrokke met daardie ondersoeke nie.

MNR VAN RENSBURG: Goed.

MNR PEENS: Dit was, ek weet daarvan, ek meen as jy nou vir my die tye en die plekke noem, kan ek onthou daarvan, maar ek was nie betrokke by die ondersoeke direk gewees nie.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR VAN RENSBURG: Goed, maar ek dink dit het tog 'n groot impak gehad seker op die Vaal Driehoek se polisiemag, dit was die eerste groot insident. Ek bedoel julle het seker tog kennis geneem, hier was 'n groot ding aan die broei.

MNR PEENS: Ja.

MNR VAN RENSBURG: Goed, toe kort daarna in Augustus was daar op twee geleenthede 9 mense, twee verskillende geleenthede elke keer 9 mense doodgeskiet by die Sebokeng hostelle.

MNR PEENS: Dit is wanneer Keswa hulle, dit is waar hulle begin opereer het.

MNR VAN RENSBURG: Nou wat het u laat dink dit is waar hulle begin opereer het?

MNR PEENS: Ek het inligting gehad tot die effek.

MNR VAN RENSBURG: Watse tipe inligting?

MNR PEENS: Beriggewers. Mense wat saam met hulle drink, mense wat saam met hulle gebly het, mense wat saam met hulle gekuier het. Hulle familie.

MNR VAN RENSBURG: So u sou sê vanaf omstreeks Augustus 1990 het Keswa hulle begin betrokke raak?

MNR PEENS: Ja, ja, ek sou so sê.

MNR VAN RENSBURG: En dan die insident wat daar genoem word in die dagvaarding, 4 September 1990, waar u praat van waar die weermag ook betrokke is?

MNR PEENS: Dit was die skietery by die hostelle gewees.

MNR VAN RENSBURG: Keswa hulle, het u inligting gehad dat hulle daarby betrokke was?



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR PEENS: Dougie Tsonki was daar en sy broer, Temba Qosa was daar. Daar is beslag gelê op vyf AK47's.

Daar is ook 'n klomp dood.

MNR VAN RENSBURG: U sê hierso in die verklaring dat met u aankoms aldaar omstreeks kwart oor sewe ...

MNR PEENS: Dit was vroeg die oggend, ja.

MNR VAN RENSBURG: Is u seker dat dit omtrent hierdie tyd was dat u daar aangekom het?

MNR PEENS: Ja, ek was op pad kantoor toe, toe kom die berig deur. Die oorspronklike berig oor die radio was, alle beskikbare voertuie en manne - Sebokeng hostel, daar is polisiemanne vasgekeer.

MNR VAN RENSBURG: U sien, wat dan ook nou vir my interessant is, ons het in verband met heeltemal 'n ander ondersoek wat nou nie direk hiermee in verband staan nie, het verskeie polisiemanne, onder ander senior superintendent Van der Westhuizen, wat tans by Everton polisie stasiehoof is, ek weet nie of u hom ken nie, hy is nou 'n kaptein of 'n inspekteur Swart van die onluste eenheid, en 'n hele aantal verklarings, dat daardie oggend, iewers tussen sewe dertig en kwart voor agt by daardie insident, in die polisie se teenwoordigheid, in die distrikskommissaris se teenwoordigheid en in almal se teenwoordigheid wat daar was, het van hierdie Inkatha lede geskiet op mense daar aan die buitekant, wat buitekant saamgedrom het, by die noord-oostelike hoek.

Van die mense is inderdaad daar raakgeskiet. Verder het hulle voortgegaan om aan ons te sê dat daar toe besluit is om 'n kasper in die opening te trek om te



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

keer dat hulle verder sou deurkom en toe een van die mense wat daar raakgeskiet is, daar is toe oor die persoon se kop gery.

MNR PEENS: Ja, ek weet daarvan.

MNR VAN RENSBURG: U weet daarvan? So op hierdie stadium was dit al aan die polisie redelik duidelik gewees wie verantwoordelik was vir ten minste van die geweld, ten minste van die massa moord.

MNR PEENS: Daardie insident by die hostel?

MNR VAN RENSBURG: Ja?

MNR PEENS: Nee, definitief. Dit is hoekom ek sê daardie insident by die hostel was uit en uit 'n bakleiery gewees tussen Zulu en Xhosa.

MNR VAN RENSBURG: Ja, en in die teenwoordigheid van die distrikskommissaris en in die teenwoordigheid van 'n senior IVP leier, het Inkatha lede mense geskiet.

MNR PEENS: Daar is nie 'n manier nie.

MNR VAN RENSBURG: So u ontken dit?

MNR PEENS: Ek sê dit het nie gebeur nie. Hulle het hulle met klippe gegooi, ja. Daar is klippe gegooi na hulle toe, oor die hostel se dakke.

MNR VAN RENSBURG: Na die Inkatha lede toe?

MNR PEENS: Na Inkatha toe.

MNR VAN RENSBURG: Ja.

MNR PEENS: Dan het die Inkatha's die klippe gaan optel en dit teruggegooi oor die dakke.

MNR VAN RENSBURG: Ja.

MNR PEENS: Dit is gedoen, ja.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR VAN RENSBURG: Ja.

MNR PEENS: Maar daar was nie 'n wapen gebruik of wat ook al nie.

MNR VAN RENSBURG: Nie in u teenwoordigheid nie?

MNR PEENS: "No ways".

MNR VAN RENSBURG: Kon daar dalk gewees het en u het dit nie gesien nie?

MNR PEENS: Dan moes ek doof gewees het.

MNR VAN RENSBURG: So u ontken dat daar ooit so iets plaasgevind het?

MNR PEENS: Ja.

MNR VAN RENSBURG: Goed. U was bewus egter daarvan dat daar wapens gevind is in Temba Qosa se motor?

MNR PEENS: Ja. Ja, ek het gestaan en kyk toe dit uitgehaal word.

MNR VAN RENSBURG: U was later deel van die wapenopsporingseenheid?

MNR PEENS: Ja.

MNR VAN RENSBURG: Wat was u - u het tog seker elke nou en dan wapens opgespoor in die Vaal Driehoek?

MNR PEENS: Gereeld, ja.

MNR VAN RENSBURG: Wat was u indruk gewees, waarvandaan het hierdie wapens gekom?

MNR PEENS: Dit kom maar van huisbraak tonele af. Jou AK's kom merendeels Mosambiek, min uit Rhodesië uit, maar Mosambiek was 'n groot kopseer gewees, Swaziland. Dit was die roetes waar die AK's deurgekom het.

MNR VAN RENSBURG: En wie was die persoon wat dit aan hulle verskaf het, lokaal in die Vaal Driehoek, wie was die persone wat verdagtes was, die verskaffers in die Vaal Driehoek?



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR PEENS: Ek weet nie.

MNR VAN RENSBURG: Het u nooit enige leidrade gehad nie?

MNR PEENS: Inligting gehad, baie ja. Maar ek kan dit nie onthou nie.

MNR VAN RENSBURG: Kan u dit nie onthou nie?

MNR PEENS: Nee, ek het baie inligting gehad, maar ek gaan my nie uitlaat daaroor nie.

MNR VAN RENSBURG: En ek vra u asseblief om vir ons uit te laat daaroor?

MNR PEENS: Nou gaan ek vir u sê my inligting is dat so verskaf wapens aan roofbendes of wat ook al. Ek gaan myself blootstel, ek kan nie.

MNR VAN RENSBURG: Waaraan sal u uself blootstel?

MNR PEENS: Siviele vervolging.

MNR VAN RENSBURG: Ek dink nie in hierdie forum as dit die inligting is wat u ontvang het as polisiebeampte, kan u uself blootstel aan siviele vervolging nie. So ek dink u kan dit maar antwoord.

VOORSITTER: U kan advies by mnr Botha kry, maar u volg die strekking, want ek dink nie daar is 'n risiko in terme van prosedure ...

MNR BOTHA: Kan ons dit net opneem asseblief.

MASJIEN AFGESKAKEL - MET HERVATTING:

MNR BOTHA: Dankie mnr die Voorsitter.

MNR PEENS: Die verskaffing van wapens grotendeels in die Vaal Driehoek, dit is inligting wat ek gehad het, dit is inligting waarop ek gewerk het, en nadat ek my inligting geopenbaar het aan senior offisiere, is die man nog aangestel aan bevel van die vuurwapenopsporingseenheid in die Vaal Driehoek, dit is 'n kaptein Motsoneng.

MNR KILLIAN: Kan u die naam herhaal.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR PEENS: Kaptein Motsoneng.

MNR KILLIAN: Motsoneng?

MNR PEENS: Dit is korrek.

MNR VAN RENSBURG: Wat hy altyd betrokke by die vuurwapenopsporingseenheid of van wanneer af was hy daar betrokke?

MNR PEENS: Van die eenheid ontstaan het, ja.

MNR VAN RENSBURG: En wanneer was dit omtrent?

MNR PEENS: Ek weet nie.

MNR VAN RENSBURG: Maar in die negentiger jare?

MNR PEENS: Dit was in die begin 1990's, ja.

MNR VAN RENSBURG: En tot en met watter datum was hy hoof van die vuurwapenopsporingseenheid?

MNR PEENS: Hy is nou in bevel van die eenheid.

MNR VAN RENSBURG: Is hy nou? Wanneer is hy aangestel min of meer?

MNR PEENS: Ek weet nie, ek het nie datums nie.

MNR VAN RENSBURG: Nou op grond waarvan het u hierdie inligting gehad?

MNR PEENS: Beriggewers, wapens wat weggeraak het, optredes wat ek gereël het en aan die einde van die dag vorm jy 'n prentjie.

MNR VAN RENSBURG: Maar kan u nie vir ons enigiets konkreet gee hierso nie.

MNR PEENS: Nee.

MNR VAN RENSBURG: Hoekom nie?

MNR PEENS: Omdat ek gee pad het. Soos die boer sal sê ek het my tassies gepak en gee pad. Jy kan nie teen 'n korrupte stelsel baklei nie.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

ADV STEENKAMP: Was die polisie korrup gewees in die Vaal Driehoek, mnr Peens?

MNR PEENS: Hulle is vandag nog erger.

ADV STEENKAMP: Hoekom sê u so?

MNR PEENS: Ek kan nie, ek kan nie feite gee nie, ek kan maar praat oor wat ek ondervind het. As julle brigadier Goosen vir my hier kan kry dat hy daar sit, generaal Wessels, daardie manne, dat ek vir hulle aanvat oor wat - hulle moet antwoorde gee, ek kan nie.

ADV STEENKAMP: Kan ek net vir u vra, die bewysstuk in die Sebokeng massa moord, die SAP13 beheer daarvan, het u daarvan beheer geneem?

MNR PEENS: Glad nie.

ADV STEENKAMP: Op geen stadium nie?

MNR PEENS: Glad nie.

ADV STEENKAMP: Ek weet nie of u weet nie, maar u weet van die beweringe dat daar na bewering van die slypstukke verander is om ballistiese toetse te beïnvloed, weet u enigiets daarvan?

MNR PEENS: Nee.

ADV STEENKAMP: Dankie.

MNR VAN RENSBURG: Mnr Peens, in verband met wapentransaksies in die Vaal Driehoek, het u ooit die naam mnr Ettiene Lewis teëgekom?

MNR PEENS: Nee.

MNR VAN RENSBURG: Nooit? U het nooit gehoor met 'n paneelkloppersbesigheid wat dalk sou betrokke wees in wapenhandel nie?

MNR PEENS: Rubin Lewis?



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR VAN RENSBURG: Ag jammer, Rubin Lewis ja?

MNR PEENS: Dit was een van my beriggewers.

MNR VAN RENSBURG: Was hy een van u beriggewers. Nou wat was die aard van die berigte wat hy aan u gegee het?

MNR PEENS: Vuurwapens, diamante. Hy het op 'n stadium 'n landmyn vir my uitgehaal.

MNR VAN RENSBURG: Nou wat was mnr Lewis se konnektasie met u? In watter opsig was hy 'n beriggewer, het hy 'n politieke konnektasie met belangrike persone gehad of hoe was hy van belang vir u?

MNR PEENS: Hy is 'n besigheidsman en hy was genader deur - dit is nou maar so as jy 'n besigheidsman is, dink elke krimineel jy het geld en vir hulle gaan dit oor geld.

En hy het vir my 'n hele paar keer as mense hom gekontak het, in die een geval het ek - ek dink dit is 'n T59 landmyn wat ek gekoop het in sy besigheid, by 'n verdagte.

MNR VAN RENSBURG: En ander ...

MNR PEENS: Dit was maar sy rol gewees.

MNR VAN RENSBURG: Ander gevalle wat u kan onthou, wat u wapens by hom gekry het?

MNR PEENS: Ja, een maal op 'n stadium 'n 38, hy het 'n paar keer vir ons wapens uitgehaal. Wat hy vir ons "traps" gedoen het.

MNR VAN RENSBURG: En het julle ooit enigiemand gearresteer in verband met hierdie wapens?

MNR PEENS: Ja. Ja, daar was arrestasies, skuldigbevindings.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR VAN RENSBURG: Kan u 'n voorbeeld noem?

MNR PEENS: Ek weet daardie landmyn, dit is 'n "anti-tank" myn, is die ou skuldig bevind, want ons het daarna nog isotope, uraan verrykte isotope gaan uithaal. Die ou is skuldig bevind.

MNR VAN RENSBURG: Kan u onthou min of meer wanneer dit was?

MNR PEENS: Ekskuus?

MNR VAN RENSBURG: Kan u onthou min of meer wanneer dit was?

MNR PEENS: Nee, o vet, nee, dit is jare terug.

MNR VAN RENSBURG: En wat was die prosedure gewees, het hy u gebel en gesê hier is iemand wat iets wil verkoop of hoe het dit gewerk?

MNR PEENS: Ja, gewoonlik het hy vir my geskakel dan het hy vir my gesê hoor hier, hier het 'n ou my kom sien, hy het - kom ons, byvoorbeeld die landmyn, die "anti-tank" myn, hierdie ou sit met 'n paar van hierdie goed, hy wil dit verkoop.

Dan sê ek vir hom, dan is my instruksies aan hom, okay, reël 'n afspraak dat ek die ou ontmoet. Ons doen die "deal", as die "deal" deurgaan, dan arresteer ons. Dit is hoe ons gewerk het.

MNR VAN RENSBURG: So het u buitekant gewag of het u deelgeneem aan die sogenaamde "deal"?

MNR PEENS: Nee, op daardie stadium was my hare lank en ek het 'n baard gedra, ek het persoonlik, hy het my voorgestel as die man wat belangstel en dan het ek die "trap" self gedoen, omdat ek nie 'n lid van die publiek wou blootstel aan - daar kan geskiet word en ...

MNR VAN RENSBURG: En u sê nou as besigheidsman, ek bedoel, dit lyk tog of daar 'n paar keer na hom toe mense gekom het met wapens nè?



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR PEENS: Ja.

MNR VAN RENSBURG: Ek bedoel u moes tog 'n indruk gehad het hoekom mense dit doen, nou wat was sy rol daar gewees? Was hy 'n bekende in regse kringe of was hy net bekend as 'n wapenhandelaar?

MNR PEENS: Nee, hy was bekend as 'n "panelbeater".

MNR VAN RENSBURG: Net bekend as 'n "panelbeater"?

MNR PEENS: En 'n diamantsmokkelaar.

MNR VAN RENSBURG: Ek wil - en 'n diamantsmokkelaar?

MNR PEENS: Ja.

MNR VAN RENSBURG: Ooit enige AK47's deur hom bekom?

MNR PEENS: Nee.

MNR VAN RENSBURG: Nooit?

MNR PEENS: Nee.

MNR VAN RENSBURG: Nooit enige outomatiese wapens nie? Goed.

ADV STEENKAMP: Was 'n ene mnr Else ooit u beriggewer gewees?

MNR PEENS: Watter Else was dit gewees?

ADV STEENKAMP: Die Else wat tans in die gevangenis sit vir motordiefstal in Diepkloof gevangenis?

MNR PEENS: Frikkie Els, daar is Adriaan Els, Willem Els, ek ken hom. Else, nee, ek ken hulle.

MNR VAN RENSBURG: Wil u miskien vir ons sê hoe ken u hom en ongeveer wat was u transaksies of wat het u met hom te doen gehad?

MNR PEENS: Ek het nooit transaksies met hulle gehad of "deals" met hulle gehad nie. Ek het hulle altyd gejag, want dit is een skelm familie van A tot Z.

Witboortjie misdadigers, bedrog mannetjies, dit is van waar ek hulle ken.

ADV STEENKAMP: U sien, het u ooit saam met mnr Else uitgegaan na waar wapens uitgewys is, het hy ooit vir u gaan wapens uitwys?

MNR PEENS: Nee.

ADV STEENKAMP: Is hy ooit betaal as 'n informant?

MNR PEENS: Nee.

ADV STEENKAMP: Wat was u verhouding met hom, was hy 'n vriend of wat hy bloot 'n krimineel wat jy ondersoek het?

MNR PEENS: Nee, hy was 'n krimineel.

ADV STEENKAMP: Is dit al wat u van hom weet?

MNR PEENS: Ja.

ADV STEENKAMP: U sien, dit is nie die inligting wat ons het nie. Mnr Else sê baie meer as wat u lyk dit vir my kan onthou van mnr Else vandag.

MNR PEENS: Mnr Steenkamp, as jy weet hoe lieg mnr Else, dit is Willem en Frikkie, hulle is drie broers, as ek reg onthou.

Ek wil net vir u vinnig 'n voorbeeld noem vir interessantheid, dat Frikkie Else is op "Police File" gesit op 'n stadium, toe het hy "Police File" gekontak as die ondersoekbeampte en homself afgehaal. Dit is die tipe mense, dit is "plain common" kriminele.

MNR KILLIAN: Ek wil aan u 'n paar stellings voorhou. Ek kan nie pa staan vir die werklikheid daarvan nie, soos ek sê ek hou aan u 'n paar stellings voor uit weergawes van mnr Else waarin hy beweer dat u sou hom gewerf het om onder andere President Mandela, F.W. de Klerk en Mbeki by 'n sekere sport stadium waar hulle die geleentheid sou bywoon, te elimineer?



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Kan u u so 'n voorbeeld in herinnering roep?

MNR PEENS: Meneer, ek wil nou nie sarkasties wees nie, maar dit kan nogal kwalifiseer vir die grapboekie vir die jaar.

MNR KILLIAN: Ek het aan die begin vir u gesê ...

MNR PEENS: Jammer dit was 'n bietjie sarkasties, maar ...

MNR KILLIAN: Ek wil verder gaan en vir u sê dat - of liewers 'n vraag aan u stel, het u ooit in die hostel van Sasolburg, Sasol hostel, daar in Vereniging, Yskor hostel liewers dan om korrek te wees, 'n beriggewer gehad met die naam van Joe?

MNR PEENS: Dit is moontlik.

MNR KILLIAN: Nee, kan u so iets onthou of is dit moontlik of is dit so?

MNR PEENS: Ek kan nie 'n Joe onthou nie. Ek het beriggewers gehad daar, maar jy weer 'n beriggewer gebruik ...

MNR KILLIAN: Daar word 'n verdere stelling gemaak dat kort voor die Sebokeng slagting, daar sekere wapens aan Else oorhandig was deur uself vir - Boipatong, ekskuus tog, vir oorhandiging aan die Joe wat dan sou gebruik word in die slagting?

MNR PEENS: Nee.

MNR KILLIAN: Goed, u ontken dit. Verder verklaar hy of beweer hy dat hy kleinkoppie getrek het soos ons maar in polisietaal sal praat nè, toe die wapens gaan verberg het en met sy vrymeisie vertrek het daar af kus toe, aan die Noordkus van Natal en met sy terugkeer het u en ander mense hom weer langs die pad gekonfronteer en gearresteer en daarna het nou sekere ander handelinge wat ons nou-nou oor sal praat, plaasgevind. Weet u van so iets?

MNR PEENS: Nee.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR KILLIAN: Onder andere beweer hy dat na die arrestasie op pad na Parys toe, ken u vir sersant Coetzee van Parys?

MNR PEENS: Nee.

MNR KILLIAN: Sersant Coetzee sou 'n passasier gewees het in 'n wit kombi wat deur u en homself, sersant Coetzee sou die bestuurder gewees het. Uself sou 'n passasier en nog twee ander polisiebeamptes sou ook 'n passasier in die voertuig gewees het. Met hom natuurlik nou as die prisonier?

En dat 'n swarte langs die pad sou gestaan het, soos ons almal weet hy maak so en dan is dit mos nou, hy sien mos 'n kombi aan as 'n huurmotor nè, dit is algemene gebruik, ek glo nie ons gaan daaroor in dispuut tree nie en dat u toe gesê het stop hier, en die man kom toe aangehardloop en in groot afwagting, dat hier is nou vir hom 'n huurmotor wat stilgehou het en u sou toe die deur, die skuifdeur oopgemaak het en daar prontuit en blatant en koelbloedig die man tussen die oë doodgeskiet het.

MNR PEENS: Daar is nie 'n manier nie.

MNR KILLIAN: Ek sien u kyk na my in ongeloof, ek noem aan u die stellings, ek sê nie dit is die waarheid nie. Ek vra net u repliek daarop?

MNR PEENS: Nee dit is ...

MNR KILLIAN: En daarna sal dit nog verder gegaan het. Toe sou sersant Coetzee, nou nadat die dooie persoon nou in die kombi ingesleep gewees het, sou sersant Coetzee hom nou met 'n knipmes vier of vyf male in sy maag gesteek het en toe die winde nou uit sy maag ontsnap, gesê het hoor hoe poep die kaffir nou.

MNR PEENS: Nee, dit is absurd.

MNR KILLIAN: Ek dink ek staak dit daarby, want daar is nog baie.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR PEENS: Ja, dit is - ek moet u bedank, u het vir my een puntjie opgelos. Kan jy onthou die onbekende swartman wat - nou weet ek.

MNR BOTHA: Ek kan miskien net op rekord plaas, my instruksies was ons dra geen kennis van 'n swartman êrens, enigiets tussen Vereniging en Parys nie.

MNR VAN RENSBURG: Ek wil u nog net twee vrae vra in verband met die bende. Wat was u persoonlike indruk gewees van Keswa as 'n persoon? Hoe het hy oorgekom, intelligent of nors of vriendelik of as persoon hoe het hy oorgekom?

MNR PEENS: Keswa was klein, hy was 'n stuk yster gewees, hy kon mense manipuleer.

MNR VAN RENSBURG: Met ander woorde was hy welsprekend was hy intelligent?

MNR PEENS: Ja, nee, hy kon praat.

MNR VAN RENSBURG: Tweetalig?

MNR PEENS: Ja, Afrikaans en Engels.

MNR VAN RENSBURG: Tweetalig? En wat was u indrukke van Maboti?

MNR PEENS: Dieselfde.

VOORSITTER: Kan ek net hoor, wat was die vorige vraag - of hy tweetalig was?

ADV STEENKAMP: Tweetalig of drietalig?

MNR PEENS: Ja, nee, hy het Afrikaans, Engels, swart tale.

VOORSITTER: So as 'n mens Afrikaans en Engels kan praat is jy tweetalig, maar as jy ander tale praat, kwalifiseer hulle nie.

MNR VAN RENSBURG: Dit is hoekom ek dit gekwalifiseer het deur te sê drie tale.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

ADV STEENKAMP: Waarskynlik meer.

MNR VAN RENSBURG: Ja. Maboti?

MNR PEENS: Ook, hy kon lekker gesels, intelligent en hy het ook oor daardie vermoë beskik om vir 'n ou te sê hoor hier, maar ons gaan nou dit doen.

MNR VAN RENSBURG: Die indruk wat ek gekry het met my - as ek praat met lede van hierdie sogenaamde bende wat nog oor is, is dat Victor en Maboti baie nou saamgewerk het, en saamgeloop het, nouer as die ander? Is dit die indruk wat u ook gekry het?

MNR PEENS: Ja, nee, hulle het - kyk dit is ook die algemeen bekend dat Maboti Keswa se tweede in bevel was.

MNR VAN RENSBURG: En beide hierdie twee persone wat as leiers van hierdie bende gestaan het, is vandag ongelukkig oorlede. Het u ooit die getuienis van Maboti in die hof, in die 12 Januarie saak, die "night vigil" saak, het u ooit die getuienis wat hy aangebied het daar gehoor?

MNR PEENS: Nee.

MNR VAN RENSBURG: Die getuienis wat hy gelewer het, is dit ooit aan u gestel deur enigeen van die regsverteenwoordigers wat u geïmpliseer het in sy marteling?

MNR PEENS: Nee, nee, glad nie.

MNR VAN RENSBURG: As ek dit aan u stel dat - ek dink ons sal net 'n oomblikkie wag.

MNR BOTHA: Ek sal vir jou gaan water haal.

MNR PEENS: Ja, dankie.

MASJIEN AFGESKAKEL - MET HERVATTING:



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR VAN RENSBURG: Maboti is die persoon wat advokaat As Burger gebruik het om getuienis teen u te lewer in daardie saak. Dra u kennis daarvan?

MNR PEENS: Getuienis teen my?

MNR VAN RENSBURG: Ja. Getuienis nie waarin u direk aangekla was nie, maar getuienis gelewer dat u hom wel gemartel het en so 'n bekentenis bekom het.

MNR PEENS: Dit is moontlik.

MNR BOTHA: Dit is 'n verhoor binne die verhoor.

MNR PEENS: Ja, ek weet nie eers daarvan nie.

MNR VAN RENSBURG: Is u nooit daaroor uitgevra nie?

MNR PEENS: Nee. Nee, ek was aangevat toe ek teen Hunter Ndlovo in Pretoria getuig het. Toe het As Burger my aangevat daaroor, toe was dit vir my nuus, toe sê ek vir hom ek weet nie daarvan nie.

MNR VAN RENSBURG: So u was nooit gekruisondervra in verband met die marteling van Maboti?

MNR PEENS: Ek was, twee en 'n half dae.

MNR VAN RENSBURG: So u het kennis gedra dat hy die persoon is wat teen u getuig?

MNR PEENS: Ek dra nie kennis dat hy getuig het nie, ek weet daar is bewerings gemaak en ek het in die hof gaan staan daaroor en (onduidelik).

MNR VAN RENSBURG: Goed, ek het nie enige verdere vrae nie.

ADV STEENKAMP: Kan ek miskien net een vraag vir u vra. Dra u enige kennis of enigiets of enige beweringe wat daar gemaak sou wees dat u meer inligting het oor die Boipatong slagting, of sou gehad het of dra u enige kennis van die Boipatong slagting? Was u ooit betrokke daarby, by die ondersoeke?



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR PEENS: Nee.

ADV STEENKAMP: Geensins. Okay, dankie.

MNR VAN RENSBURG: Ag, jammer net vir my eie duidelikheid, ek wil net 'n bietjie verstaan hoe die opset daar gewerk het.

U was in die Vaal Driehoek, was u deel van die Moord en Roof eenheid?

MNR PEENS: Dit is korrek, ja.

MNR VAN RENSBURG: In Vanderbijlpark gestasioneer?

MNR PEENS: Dit is korrek, ja.

MNR VAN RENSBURG: Maar later is u oor na die OG en E eenheid, is dit die eerste keer dat u oor is na die eenheid is in ongeveer so twee maande voor Keswa toe uiteindelik dood is?

MNR PEENS: Dit is reg, ja.

MNR VAN RENSBURG: Dit was die eerste keer, so dit was min of meer êrens kom ons sê April rond in 1993, min of meer daar rond?

MNR PEENS: Ja, April, Mei, daar rond.

MNR VAN RENSBURG: Voor daardie stadium was u die hele tyd deel van Moord en Roof?

MNR PEENS: Dit is korrek, ja.

MNR VAN RENSBURG: En toe was u geskors na die voorval met Qosa, maar kort daarna was u ...

MNR PEENS: Keswa.

MNR VAN RENSBURG: Ag, ja, Keswa, kort daarna was u weer aangestel.

MNR PEENS: Vir 'n week, ja.

MNR VAN RENSBURG: In dieselfde eenheid?



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR PEENS: Ja.

MNR VAN RENSBURG: En toe?

MNR PEENS: Met Maboti se dood, toe is ek Vereniging speurtak, ag Meyerton speurtak toe. Ek kon nie aanpas by 'n gewone speurtak nie, toe is ek oorgeplaas distrikshoofkantoor toe, ek kon daar nie aanpas nie, ek was nie 'n kantoorman nie, ek was 'n veldman, en toe is ek oorgeplaas vuurwapeneenheid. Van die vuurwapeneenheid af is ek medies af.

MNR VAN RENSBURG: Wanneer is u oorgeplaas vuurwapeneenheid toe?

MNR PEENS: Hier by die negende maand, 1993. Min of meer daar rond, negende, tiende maand, daar rond.

MNR VAN RENSBURG: Goed, dankie.

VOORSITTER: Net twee dinge wat ek net vir my eie inligting wil opvolg. Die eerste is weer die breër konflik.

U het nou vertel van Keswa en die "gang" en hoe hulle geskiet het en so aan. U het altyd gepraat van die gemeenskap, nooit gepraat van die ANC of die "UDF", enige van die getuienis nie. Het u nooit daar 'n kom ons sê, 'n party tot die konflik opgemerk nie, asseblief?

MNR PEENS: Ek kon nooit getuienis kry tot die effek nie.

VOORSITTER: Dat spesifieke mense daar in die gemeenskap die dinge ...

MNR PEENS: Nee, ek kon nie stawende getuienis kry nie. Wat wel gebeur het na Keswa se dood, was die ANC verheug. Hulle het gedans, Sebokeng se straathoeke daardie Saterdagaand.

VOORSITTER: Het hulle vir u 'n partytjie gereël?

MNR PEENS: Hulle het, hulle het, nee, nie vir my nie. Ek was toe die swartskaap in die verhaal. En die IVP was vir my kwaad gewees.

Dit is al wat ek, ek meen, dat daar 'n politieke konnektasies werklik was. Keswa het aan die ANC behoort. Hy, Maboti, Cindi, almal was lede van die ANC, tot hulle huise gebrand is, toe het hulle aangesluit by die Inkatha Vryheidsparty wat na my mening 'n rookskerm was. Hulle het gaan wegkruip tussen die Inkatha's.

VOORSITTER: So dit verklaar eintlik wat u sê, dit was kriminele aktiwiteite, dit was nie politieke aktiwiteite nie?

MNR PEENS: Absoluut. Absoluut.

VOORSITTER: So hulle sou in enige politieke groep weggekruip het waar hulle skuiling kon kry?

MNR PEENS: Ja. Ek het in my getuienis in Pretoria hooggeregshof ook gesê op 'n vraag van die regter, ek kan nou nie onthou wie was die voorsittende regter nie, is dit politiek as jy sulke groot kinders doodskiet. Dit is tonele wat ek gesien het, dit is tonele wat ek gaan besoek het.

Jy kan mos nie politiek daar intrek nie, en jy kan mos nie sê hoor hier, ek het hierdie mense doodgemaak omdat dit polities is nie, ek meen dit is kinders, hulle kan nie stem nie.

VOORSITTER: Dit hang af wat 'n mens se perspektief oor politiek is. Dit is so, maar ek dink nie dit is 'n vraag waarop 'n mens absoluut kan antwoord nie.

MNR PEENS: Soos ek sê my ondervinding met Keswa hulle was dat dit was nie polities nie.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

VOORSITTER: Ek wil terugkom na die begin van die gesprek toe oor twee dinge. Ek wil nie hê u moet ontsteld raak of u opwerk hieroor nie, maar dit gaan weer oor die kwessie van marteling.

Ek speel met u oop kaarte, dit bly vir my 'n bietjie van 'n grys prentjie of 'n toe prentjie liewerste. Ek sien nog nie 'n prentjie nie.

Ek sê weer vir u daar is vreeslik baie aantygings en u is nie verbaas oor al die aantygings nie en u vertel ook hoe dit in hofsake voorgekom het en u verduideliking van die tronkprokureurs en ek - daar mag meriete daarin wees, maar dit verklaar nie elke geval nie, want ons sit met 'n klomp verklarings van mense wat nie aangekla was nie.

Dit kom as slagoffers wat aangehou was en so aan, en wat vir u weer impliseer. Daar mag verskeie redes wees, ek wil nie daarop ingaan nie. Ek wil terugkom na twee van u antwoorde.

Die een antwoord toe u oor Keswa gepraat het toe hy siek geword het, toe u gesê het 'n swart man wit word, grys of wit word in die gesig, dan het hy moeilikheid. Op grond waarvan sê u dit? Watter ander ...

MNR PEENS: As jy in 'n voertuig ry, ek meen dit is seker 'n ou bekende feit by die Kommissie dat ek redelik baie betrokke was waar beskuldigdes dood is of wat ook al, ek ken die dood. Ek het baie moord tonele besoek, ek het tonele besoek waar mense besig was om dood te gaan.

Met die "drive by night shootings" hoeveel keer wat ek daar gekom het, dan sit jy hier met 15, 16 gewondes buiten jou lyke. Ek meen dit is harde, werklike feite. Jy sien hoe gaan 'n mens dood. Jy sien hoe 'n swarte grys word, wit word, dan weet jy, dit is "tickets", hierdie ou gaan dit nie maak nie.

VOORSITTER: Goed. Dankie. Die ander slaan op die gesprek tussen u en mnr Killian vroeër rondom kennis te dra van marteling. U het op 'n stadium vir my gesê u sou nie kon betwis nie hoewel u nie kennis dra nie.

Toe mnr Killian sê hy is 37 jaar polisieman gewees, toe sê u maar dan weet u van die metodes wat hulle gebruik. Waarvan praat u?

MNR PEENS: As mnr Killian sê hy was 37 jaar 'n polisieman, wat ek daarby bedoel is dan behoort hy te weet watse metodes hy gebruik het. Ek het my metodes gehad.

My gunsteling metode was om om 'n tafel te gaan sit met 'n man, en hom te vat van vanmore tot vanaand.

VOORSITTER: Hoe sou hy kennis dra van u metode?

MNR PEENS: Nee, nee. Ek het gesê dan behoort u kennis te dra van die metodes.

VOORSITTER: Van die metodes?

MNR PEENS: Van die metodes.

VOORSITTER: Ja, maar dit was 'n antwoord in die algemeen oor metodes.

MNR PEENS: Dit was 'n antwoord in breë ja.

VOORSITTER: U het nie u vinger na mnr Killian gewys nie?

MNR PEENS: Nee, nee.

VOORSITTER: So u weet daar is verskillende polisiemanne met verskillende metodes?

MNR PEENS: Elke ondersoekbeampte het sy eie ondervragingstegniek. Daar is nie 'n ...

VOORSITTER: Party van hulle gebruik intimidasie en party gebruik marteling en ...



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR PEENS: Miskien, ek weet nie. Ek weet wat ek gedoen het.

VOORSITTER: Hoe lank was u polisieman - 27?

MNR PEENS: 20 jaar.

VOORSITTER: Ekskuus?

MNR PEENS: 20 jaar.

VOORSITTER: 20 jaar.

MNR PEENS: Ja.

VOORSITTER: Wat u gedoen het, het u dit ooit met ander gedeel, u tegnieke van ondervraging?

MNR PEENS: Nee, nee.

VOORSITTER: Het u nooit vir ander mense vertel hoe u ...

MNR PEENS: Jy doen dit nie, dit is iets tussen jou en 'n verdagte.

VOORSITTER: Goed, die doel is regtig weer nie om u skuldig te bevind nie, maar ek sê vir u daar gaan goed na ons toe kom waaroor ons besluite moet neem.

MNR PEENS: Nee, ek verstaan. (band eindig) ...

VOORSITTER: ... en ek sê vir u dit bly vir my 'n toe prentjie, ek kan nie verstaan dat enige persoon kan sê ek is 20 jaar in die mag, ek sê dit nou teen agtergrond van inligting waarmee ons gebombardeer word, ek is 20 jaar in die mag, of 37 jaar in die mag, en ek weet wragtig nie van een polisieman, ek het nie eers 'n vermoede dat enige polisieman ooit 'n ander ou gemartel het nie.

Maar ek sou dit nie kon betwis nie, want ek weet nie.

MNR PEENS: Soos ek sê dit is baie moontlik, maar ek weet nie van dit nie.

VOORSITTER: En u gaan daarby staan?

MNR PEENS: Ja.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

VOORSITTER: Weer, ek probeer u nie - ons kan u nie skuldig bevind nie en ek probeer u arm regtig draai om te sê maar is daar nie vermoedens nie? U het vermoedens oor wapen smokkelary, u kan vir ons - u wil vir ons eers nie sê nie, maar dan sê u as ons vir u sê ja, dit is beskermde en gepriviligeerde getuienis hierso, u kan nie daarvoor sivielregterlik of strafregterlik aangekla word nie, of sivielregterlik in elk geval aangekla word nie, of teen opgetree word deur 'n ander ou nie.

MNR PEENS: Ek hoop nie so nie.

VOORSITTER: Maar u dra spesifieke kennis van "gun running", maar u het wragtig nog nooit gehoor oor marteling nie?

MNR PEENS: Dit kom tot 'n ou se ore, maar soos ek sê jy steur jou nie daaraan nie, dit is tronkadvokate en jy lag dit weg.

VOORSITTER: Nee, ek praat van ander bronne as van tronkadvokate.

MNR PEENS: In die pers lees jy baie daarvan.

VOORSITTER: Jy hoor dit nooit in die stasie nie?

MNR PEENS: Nee, nie by jou kollegas nie. Dit is iets wat jy nie bespreek nie.

VOORSITTER: Jy doen dit net?

MNR PEENS: Nee, nee.

VOORSITTER: Goed, baie dankie mnr Peens. Is daar enigiets anders?

MNR VAN RENSBURG: Ek wil net vir u vra, die indruk wat u by my skep is dat na hierdie insident wat u met hierdie bende betrokke was, 12 Januarie, as hulle daar vasgevat is kon hulle gestuit gewees het en daar kon baie bloedvergieting in die Vaal Driehoek gestop gewees het.

U sê u was eers veel later weer betrokke by die bende. Twee en 'n half jaar nadat u gevra het om verplaas te word na die eenheid toe?

MNR PEENS: Ja.

MNR VAN RENSBURG: En dit is ook nie kort daarna nie, toe het al daardie aanvalle toe ook wel gestop. Na u mening, ek vra net u mening, as die polisie wou, kon Keswa in daardie twee en 'n half jaar soos talle voorvalle plaasgevind het, of van sy makkers, kon hy suksesvol vervolg gewees het?

MNR PEENS: Ja.

MNR VAN RENSBURG: Dit kon gebeur het?

MNR PEENS: Ja.

MNR VAN RENSBURG: Het die polisie na u mening inligting gehad om dit te kon doen?

MNR PEENS: Ja.

MNR VAN RENSBURG: En hulle het dit nie gedoen nie?

MNR PEENS: Nee.

MNR VAN RENSBURG: Nou, en u sou dit toeskryf aan? Sou u dit toeskryf aan partydigheid of aan kom ons sê hulle was nie bevoeg gewees om dit te doen nie?

MNR PEENS: Swak dissipline en vrees, hulle was bang vir Keswa. Almal was bang vir Keswa.

MNR VAN RENSBURG: So u sou wou beweer dat die polisie in die Vaal Driehoek was bang op vir Keswa te arresteer?

MNR PEENS: Ja. Die meeste ondersoekbeamptes in die Keswa sake was swartes. Ek wil nou nie rassisties wees nie, maar hulle het 'n heilige vrees vir Keswa gehad.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR VAN RENSBURG: Ek praat nou van die polisie in die Vaal Driehoek.

MNR PEENS: Ja, swart polisiemanne.

MNR VAN RENSBURG: Ek bedoel as die hoof van Moord en Roof in die Vaal Driehoek tog wou gehad het Keswa moes gevang geword het, kon hy tog baie - u praat van uself, u beskou uself as 'n baie goeie ondersoekbeampte of 'n goeie speurder of hoe dit ook al sy, as hy wou, kon hy tog 'n top span saamgestel het om hom te gevang het?

MNR PEENS: Ja, maar nou moet ons kyk, Moord en Roof was nooit betrokke in die Keswa ondersoeke nie. Daar was 'n eenheid gestig wat net dit moes doen. Hulle kon nooit 'n vinger na Moord en Roof toe wys en sê hoor hier "boys", julle doen niks aan hierdie ou nie.

Jy weet Moord en Roof, ek het persoonlik hoeveel keer as hulle die inligting deurgee, vir hulle gesê mense kyk daarna, dit is Geties en sy bende, kyk na hulle.

MNR VAN RENSBURG: Maar u sou sê die rede hoekom daardie eenheid of wie ook al dit nie gedoen het nie, was omdat hulle bang was?

MNR PEENS: Hulle was bang.

MNR VAN RENSBURG: Bang vir Keswa?

MNR PEENS: Hulle was bang, hulle huise is afgebrand, wat moes hulle doen?

MNR VAN RENSBURG: Goed, u verwys nou weer na swart polisiemanne?

MNR PEENS: Ja.

MNR VAN RENSBURG: Die polisiemag in die Vaal Driehoek het nie net bestaan uit swart polisiemanne nie?

MNR PEENS: Nee.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR VAN RENSBURG: As die polisiemag in die Vaal Driehoek vir Keswa wou vang op 'n hoë vlak, kon hulle?

MNR PEENS: Ja.

MNR VAN RENSBURG: Goed. So ons vergeet nou van die swart polisiemanne wat bang was vir hom. Sou u nog steeds sê dat daardie persone op 'n hoë vlak ook bang was vir Keswa?

MNR PEENS: Ek kan nie kommentaar lewer daarop nie. Ek kan nie sê nie.

VOORSITTER: Sou u dit toeskryf aan onbevoegdheid?

MNR PEENS: Ja.

MNR VAN RENSBURG: Aan onbevoegdheid? Okay, ek het geen verdere vrae nie.

VOORSITTER: U sou dit nie toeskryf aan politieke motiewe nie, dat Keswa se aktiwiteite as agenda's gedien het?

MNR PEENS: Nee, nee. Nie met Keswa nie.

VOORSITTER: U praat asof u nooit die breër politiek sien weef het tussen u betrokkenhede en u aktiwiteite nie?

MNR PEENS: Nee, ek is 'n misdaadman. Ek was 'n misdaadman al die jare. Ek kyk na 'n moord, dit is 'n moord. Ek kyk na my getuienis in 'n hof. Ek kyk nie na wat, ek meen enige ou kan vandag kom, dit is so goed ek kom - dit is nogal ironies, vanoggend toe sit ek en dink, as ek nou kyk na die Eikenhof geval, dit is nou net 'n voorbeeld wat ek wil noem, dit is hoe ek myself behandel het in die verlede.

Ek kyk na daardie moord en ek kyk na my regter se uitspraak, ek kyk na die vonnis, ensovoorts, ensovoorts.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

As ek nou vandag gaan en sê hoor hier, ek het H.F. Verwoerd doodgemaak, dan moet die regering kom en na Stefendas se familie toe gaan en sê hoor hier, ons vra jou om verskoning, Stefendas was onskuldig in die tronk. Pedro Peens het Verwoerd vermoor, nie Stefendas nie.

Dit is vir my - ek het nooit so na dinge gekyk nie. Vir my het dit gegaan om harde getuienis en dit is dit.

MNR VAN RENSBURG: Ongelukkig het u nou iets genoem wat nou weer my belangstelling aangewakker het. Hierdie Eikenhof voorval, wat was u betrokkenheid by die Eikenhof voorval?

MNR PEENS: Ek het getuig in die binneverhoor.

MNR VAN RENSBURG: In verband met?

MNR PEENS: Beweerde aanranding.

MNR VAN RENSBURG: Deur?

MNR PEENS: Deur myself op ek weet nie, dit is nie Fish Gavin nie, Boy Ndweni, hy het beweer ek het hom aangerand op 'n Sondagaand.

En ek het toe getuig en daar was ander getuies ook, ek was die betrokke Sondagaand was ek in Carltonville gewees op 'n ondersoek waar daardie Cronje polisieman geskiet is, toe was ek daar besig.

So, regter Lewis het in elk geval Ndweni se getuienis verwerp wat dit aanbetref.

MNR VAN RENSBURG: Goed, kan ek u net so vra, het u enigsins behalwe dat u nou in die binneverhoor oor hierdie spesifieke voorval moes getuig, het u enigsins, was u betrokke by die ondersoek?

MNR PEENS: Ja.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR VAN RENSBURG: Die opsporing of so en wat was u hoedanigheid?

MNR PEENS: Ek het die toneel gedoen, getuies opgespoor.

MNR VAN RENSBURG: En u sê u het die toneel gedoen en die getuies opgespoor?

MNR PEENS: Ja.

MNR VAN RENSBURG: Wie het u gevra om dit te doen?

MNR PEENS: Dit was 'n Moord en Roof eenheid saak. Ek was op daardie stadium, het ek die eenheid se opsporings gedoen.

MNR VAN RENSBURG: So dit was ...

MNR PEENS: Opsporing van getuies, beskuldigdes ...

MNR VAN RENSBURG: Dit is 'n saak wat vanuit Vanderbijl Moord en Roof gehanteer is?

MNR PEENS: Ja.

MNR VAN RENSBURG: Dit was nie 'n Brixton saak op daardie stadium nie?

MNR PEENS: Nee, Brixton was eerste op die toneel omdat dit was 'n grens geval. Toe het ons die dossier gevat omdat die skietvoorval was in ons area.

Toe het Brixton die eerste arrestasies gedoen en toe het ons aangegaan met die ondersoek.

MNR VAN RENSBURG: En hoe het u die persone opgespoor?

MNR PEENS: Gesoek.

MNR VAN RENSBURG: En ek bedoel watse leidrade het u gelei?

MNR PEENS: Ek het maar staat gemaak op beriggewers.

MNR VAN RENSBURG: Op beriggewers?

MNR PEENS: Ja.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR VAN RENSBURG: Nou watse inligting het die beriggewers vir u gegee?

MNR PEENS: Hulle het vir jou gesê wat hulle weet, ek meen daardie saak het soveel publisiteit geniet en mense het na vore gekom.

MNR VAN RENSBURG: U sal met my saamstem as ek wil persone skuldig kry in 'n saak en ek tel mense op, dit is nou net 'n hipotetiese geval, en ek maak vir hulle so dat hulle op 'n stadium erken hulle was betrokke daarby, en na die tyd mense my daaroor vra waar kom jy aan die inligting dat die persone skuldig was en ek sou sê nee, ek het dit by beriggewers gekry, dat dit nogal 'n redelike waterdigte argument is wat nogal moeilik is om omver te gooi. Sou u met my saamstem daarmee?

MNR PEENS: Ja. Nee, maar kyk, die Eikenhof saak is nou nie eers van toepassing hier nie, maar vir interessantheid het u Sondag se Rapport gelees wat sê daardie kind wat amper doodgeskiet is?

Het u gelees wat sê die kind?

MNR VAN RENSBURG: Nee, ek het nie Sondag se Rapport gelees nie.

MNR PEENS: Ek het met daardie kind gepraat, ek het hoeveel keer vir hom gaan kuier, wat hy vir my gesê het, "I will never forget their faces". Ek het hulle gesien. Dit is mos waterdigte getuienis. Wat wil jy meer hê?

MNR VAN RENSBURG: Nee, goed, ek praat nou nie van daardie geval nie, ek weet bitter min daarvan af, maar ek het aan u 'n hipotetiese geval gestel, stem u met my saam?

MNR PEENS: Kom ek sê vir u een ding, om 'n man op te tel en hom te martel en hom skuldig te kry aan moord, wil gedoen word. Ek soek die ou wat dit kan doen.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR VAN RENSBURG: Dink u dit is moontlik om 'n persoon so te martel dat hy erken dat hy aan iets betrokke is wat hy nie gedoen het nie?

MNR PEENS: Dit is onmoontlik. Voor 'n regter met twee assessore, met 'n senior Staatsadvokaat, dit is onmoontlik dat jy 'n ou net kan optel en hom martel dat hy erken hy het dinge gedoen wat hy nie gedoen het nie. Dit is onmoontlik.

Mense wat dit glo, leef in 'n ...

MNR KILLIAN: Ek dink jy kan hom martel dat hy 'n erkenning maak, maar ek wil met u stellings akkoord gaan, maar om hom skuldig te bevind in 'n regshof aan waarvoor hy tydens die marteling skuldig gepleit het, dit is 'n ander storie.

MNR PEENS: Dit is reg ja. Dit is 'n bietjie moeilik. Dit is wat ek probeer sê.

VOORSITTER: Goed, baie dankie. Ons het gepraat oor 'n moontlike verdaging oor Lenqwati. Wil julle enige vrae vra nog daaroor?

MNR KILLIAN: Ek het net 'n vragie voor ons van hierdie punt afstaan. Op 'n vraag van die voorsitter of u afleiding was u het uitgewei daaroor dat die swart lede wat betrokke was by die ondersoeke teen die Vaal Monster 'n vrees vir hom gehad het en dit het uiteindelik daartoe aanleiding gegee dat hy nooit gearresteer was nie, toe het die voorsitter aan u 'n vraag aan u gestel maar was daar nie miskien hoër op in die polisie een of ander politiese motivering hoekom hy nie gearresteer is nie, u antwoord daarop was nee, nie in Keswa se geval nie.

In watter ander geval was daar dan politieke motivering vir die polisie om hulle oë toe te maak vir misdade?

MNR PEENS: Nee, nie waarvan ek weet nie.

MNR KILLIAN: Ek vra die vraag na aanleiding van u antwoord.

MNR PEENS: Ja, ja, my antwoord ...



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR KILLIAN: Die antwoord was nie in Keswa se geval nie.

MNR PEENS: Dit is korrek.

MNR KILLIAN: Nou dit maak ek die afleiding van dat dan was daar moontlik ander gevalle waar hulle wel hulle oë toegemaak het?

MNR PEENS: Nee, ek kan my antwoord daar dalk net aanpas en sê nee, nie in 'n geval waarvan ek weet nie.

MNR KILLIAN: Gaaf.

MNR VAN RENSBURG: U het gepraat van die swart polisiemanne wat geïntimideer gevoel het daar. U het dan seker ook gehoor dat hulle ook 'n groep gevorm het met die naam van CODESA.

Het u nooit daarvan enigiets gehoor nie?

MNR PEENS: Nee, nee.

MNR VAN RENSBURG: U het nooit van CODESA gehoor nie, nooit die polisie onderling met mekaar gepraat oor CODESA nie?

MNR PEENS: Nee.

MNR VAN RENSBURG: Ek moet vir u sê ek vind dit baie moeilik om te glo dat u nog nooit daarvan gehoor het nie. Ek kon nog verstaan het indien u nie veel van hulle geweet het nie, maar om vir my te sê u het nog nooit van hulle gehoor nie, is baie vreemd.

MNR PEENS: Hulle kon bestaan, maar ek weet nie van hulle nie.

MNR VAN RENSBURG: Nee, ek is seker daarvan hulle kon bestaan, maar u sê u het nog nooit van hulle gehoor nie?

MNR PEENS: Nee, nee.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

<u>MNR VAN RENSBURG</u>: Okay, dan wil ek aan u 'n verdere vraag vra. Het u ooit gehoor van die sogenaamde "Yankee Squad"?

<u>MNR PEENS</u>: Ja. Lou Ricker, daardie manne - ek het 'n lang pad saam met hulle geloop.

<u>MNR VAN RENSBURG</u>: Daar word verskeie bewerings gemaak teen hierdie sogenaamde "Yankee Squad". Wat was u opinie van hierdie bewerings wat teen hulle gemaak is?

<u>MNR PEENS</u>: Ek het op tonele gekom waar ek omgedraai en geloop het en vir hulle gesê het ek dink julle is verkeerd.

<u>MNR VAN RENSBURG</u>: Soos?

<u>MNR PEENS</u>: As ek aan een insident dink. Die aand, hulle was in 'n skietery betrokke, toe was ek en my groep in die gebied, toe gaan doen ek die toneel.

Toe het daar sekere dinge plaasgevind waarvan ek nie gehou het nie, toe het ek geloop en gesê dit is verkeerd, ek hou nie daarvan nie.

<u>MNR VAN RENSBURG</u>: Kan u asseblief meer spesifiek ...

<u>MNR PEENS</u>: Daar is 'n man aangerand, geskop en geslaan. En ek het nie gehou daarvan nie.

<u>MNR VAN RENSBURG</u>: Is dit die enigste voorval waarvan u weet?

<u>MNR PEENS</u>: Daar is baie bewerings teen hulle gemaak. Dieselfde teen my ou "unit". Daar is baie bewerings gemaak. Niks waarop ek ooit 'n vinger kon lê nie. Dit is - as die bewerings teen die "Yankee Squad" enige water gedra het, sou ek die eerste lat gewees het om hulle te bêre en toe te sluit en aan te kla.

<u>MNR VAN RENSBURG</u>: U sê daar was 'n ou aangerand en geskop en geslaan. Hoekom was dit gedoen?



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR PEENS: Ja. Ek kan nie spesifiek onthou nie, ek weet daar was iemand gewond in die proses. Dit is - ons praat darem van baie lank terug.

MNR VAN RENSBURG: Was dit gedoen om inligting uit die persoon uit te kry?

MNR PEENS: Nee, as ek reg onthou het hy 'n polisieman geskiet. Hulle het geklop aan die deur, toe het hy deur die deur geskiet en 'n polisieman deur die boud geskiet en toe het hy nou so 'n bietjie pak gekry daarna.

MNR VAN RENSBURG: Goed. Ek het nie verdere vrae nie.

VOORSITTER: Ek verstaan nou daar is nie vrae van die drie here oor die Lenqwati geval wat hulle spesifiek aan u wil stel nie, maar daar is sekere bewerings wat ek nie weet of mnr Peens op geantwoord het nie.

Miskien - is daar enige negatiewe gevolgtrekkings wat gemaak kan word wat hom kan benadeel?

MNR VAN RENSBURG: Miskien moet ons maar net die bewerings aan hom stel.

VOORSITTER: Laat ek net vir u die opsomminkie hier gee, miskien kan u dit net oorgee. Dit is wat vir my gedoen is en u kan dit lees, dit gee vir u 'n breë raamwerk - ons sal so 'n oomblikkie wag.

MNR PEENS: Ja, dankie.

VOORSITTER: Kan u die geval onthou mnr Peens?

MNR PEENS: Ja, ja.

VOORSITTER: Wil u enigiets vir ons net sê daaroor - 'n kommentaar?

MNR PEENS: Nee, oor die feite - as ons kyk na - dit sou interessant gewees het as ek die hofrekord kon gaan trek het waar ek sy borg geopponeer het.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Daar het ek name geopenbaar in die hof van baie bekende politici, maar verder kan ek nie kommentaar lewer hierop nie, behalwe dit wat op hofrekord is.

MNR VAN RENSBURG: Die enigste bewering wat ek aan u wil stel is mnr Lenqwati het ook in die hof, ek dink dit is op rekord gestel, dat u hom gemartel het?

MNR PEENS: Hy het; ja.

MNR VAN RENSBURG: En mnr Lenqwati - daar is toe 'n bevel gemaak deur die magistraat dat mnr Lenqwati na die distriksgeneesheer geneem moet word?

MNR PEENS: Ja, en hy was dokter toe geneem, ja.

MNR VAN RENSBURG: Was hy daardie dag dokter toe?

MNR PEENS: Daardie selfde dag, ja.

MNR VAN RENSBURG: Daardie selfde dag wat hy oorlede was. Hoe laat was dit omtrent?

MNR PEENS: O, ek kan nie onthou nie.

MNR VAN RENSBURG: Wat was die distriksgeneesheer se bevinding?

MNR PEENS: Ek glo nie hy het beserings aan hom gekry nie.

MNR VAN RENSBURG: Want ek bedoel, dit sou tog belangrike implikasies vir uself gehad het. Kan u onthou ...

MNR PEENS: Vir my saak aan die einde van die dag?

MNR VAN RENSBURG: ja.

MNR PEENS: Ja.

MNR VAN RENSBURG: So kan u onthou dat die distriksgeneesheer gesê het daar is geen beserings nie?

MNR PEENS: Ek glo nie hy het gekry nie, anders sou daar 'n aanrandingsdossier geopen gewees het. Dit is maar 'n prosedure gewees by ons.



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR VAN RENSBURG: Goed. Was u teenwoordig tydens die ondersoek?

MNR PEENS: Watter ondersoek?

MNR VAN RENSBURG: Die ondersoek op Lenqwati deur die distriksgeneesheer? Was u in dieselfde kamer, was u in die spreekkamer buite? Het u saam met hom gegaan?

MNR PEENS: Nee, nee. Wat ek normaalweg gedoen het as iemand kla hy is aangerand, dan het ek van my mense gestuur of ek het uniform lede gebruik om betrokkenheid, jy weet, uit te skakel.

MNR VAN RENSBURG: So u was nie self daar teenwoordig nie?

MNR PEENS: Nee, nee.

MNR VAN RENSBURG: Het die dokter, ek dink dit is 'n dokter Niemand?

MNR PEENS: Albert Niemand, ja.

MNR VAN RENSBURG: Het u hom geken?

MNR PEENS: Ja. Ja, hy het vir my baie lykskouings gedoen.

MNR VAN RENSBURG: En het dokter Niemand ooit getuig in sake waar u betrokke is?

MNR PEENS: Ja, baie.

MNR VAN RENSBURG: Het hy in enige saak ooit getuienis gelewer dat daar beserings gevind was onder verdagtes wat beweer het dat u hulle gemartel het?

MNR PEENS: Ja, ja.

MNR VAN RENSBURG: Daar was?

MNR PEENS: Ja.

MNR VAN RENSBURG: Kan u aan ons 'n voorbeeld noem?



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

MNR PEENS: Ek kan nie dink nie, ek is aangekla in 'n saak wat hy getuig het en ek is vrygespreek. Ek weet hy het nog getuig.

MNR VAN RENSBURG: Op grond van sy getuienis?

MNR PEENS: Nee.

MNR VAN RENSBURG: Goed.

VOORSITTER: Mnr Peens, baie dankie. Mnr Botha, dankie ook vir u teenwoordigheid. As daar enigiets is wat ons dringend wil opvolg, sal ons met u in verbinding tree. As u enige inligting tot u beskikking het wat dalk vir ons van waarde kan wees, moet u asseblief dit aan ons voorlê.

MNR PEENS: Ek sal dit oordra aan my regsadviseur.

VOORSITTER: Goed, ek sê vir u baie, baie dankie.

MNR PEENS: Ek wil net om verskoning vra dat ek vroeër my humeur 'n bietjie, amper verloor het, maar 'n mens is maar bekommerd.

VOORSITTER: Ek dink die rekord sê u sê u het nie u humeur verloor nie.

MNR PEENS: Ek is bly om dit te hoor.

VOORSITTER: Nee, baie dankie ook daarvoor en dankie dat u die moeite gedoen het.

MNR PEENS: Baie dankie.

--------------------



SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE